TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE



Mei
1966

Digitized by the Internet Archive
in 2017 with funding from
University of Pretoria, Library Services

https://archive.org/details/tydskrifvirlette00uns_wfm

TYDSKRIF
VIR
LETTERKUNDE

REDAKTEUR: ABEL COETZEE
HULPREDAKTEUR: COENIE RUDOLPH

ADVISEURS:
J. J. Brits, André Demedts, B. le Roux, Felix Lategan, Vincent van der Westhuizen.

MEI 1966
NUWE REEKS / JAARGANG 4
NOMMER 2

Alle kopie vir die tydskrif word gerig aan die Hulpredakteur, Wenningstraat 24, Groenkloof, Pretoria. Ongevraagde kopie moet vergesel word van 'n gefrankeerde koevert.

Alle korrespondensie rakende administrasie, sirkulasie, intekengeld en advertensies word gerig aan mej. S. Victor, Posbus 57, Northcliff, by Johannesburg.

INTEKENGELD: R2.00 PER JAARGANG, POSVRY.

Die publikasie van hierdie tydskrif word moontlik gemaak deur 'n jaarlikse skenking van die Departement Onderwys, Kuns en Wetenskap en die Afrikaanse Pers-fonds aan die Afrikaanse Skrywerskring.

Menings wat deur medewerkers uitgespreek word, is nie noodwendig menings van die redaksie nie.

INHOUD

Heilwense aan prof. Abel Coetzee	1	
J. J. Brits	2	Abel Jacobus Coetzee
dr. P. D. Swart	4	Abel Coetzee — sy spore in die Skrywerskring
dr. C. W. Hudson	8	Abel Coetzee as skrywer
dr. S. J. du Toit	14	Abel Coetzee as volkskundige
dr. M. J. Posthumus	19	Abel Coetzee as linguis
Rina Badenhorst	21	Dagboek
Joan Lötter	24	Grootpad-fantasie
Vincent v.d. Westhuizen	25	Vlekke aan die vel
Petra Bonthuys	29	Vrou
Hennie Aucamp	31	Brood op die water
Koos Meij	34	Himne aan die stad
Menno Stenvert	35	Uitnodiging van de vlieg
Jeanne Goosen	36	Nabeelde
Izak v.d. Westhuizen	37	Droom
N. Swart	38	Sonnet
C. F. Rudolph	39	Tipografiese eksperimente (2)
Marie Blomérus	46	Nag proe my mond
U. M. Gerryts	48	'n Skroef los in ons versproduksie
Vincent v.d. Westhuizen	58	Fermentasie
Sarel Smit	59	Soeker
Albert Kloppers	60	Raais(p)el
P. de W. Venter	61	Ondersoek na die tyd, verlore
D. M. Greeff	62	Sprokies vir 'n oú man

Die prys van R15 vir 'n verdienstelike bydrae in die Februarie-aflewering van *Tydskrif vir Letterkunde* is verower deur MARIE BLOMÉRUS.

Die Redakteurs en adviseurs wens haar van harte geluk en hoop dit dien as inspirasie tot groter dinge!

Hierdie nommer van

TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE

word met dankbaarheid opgedra aan

ABEL COETZEE

Redakteur van Julie 1957 *tot Mei* 1966

HEILWENSE AAN PROF. ABEL COETZEE

Hy het aan die einde van 'n lang skof gekom. *Tydskrif vir Letterkunde* moet nou afskeid neem van 'n redakteur wat oor 'n groot aantal jare die leisels moes hou. Ons wat skrywers sien kom en verdwyn het, wat medewerkers sien opkook en oorkook en wegkook het, ons weet hoe tye en geleenthede die man Abel Coetzee getoets het en hoe hy bly staan het en bly glo het aan dié dinge wat vir hom waarde het. Daarvoor eer ons hom.

Ons wil hier geen sinledige lofredes uit nie. Ons kan dink aan etlike geleenthede waar ons radikaal van hom sou verskil het. Maar as die stof weggewaai het en die dag het weer stil geword, kon jy begin insien waarom prof. Abel sulke vaste oortuigings gehad het.

Die hand aan die roer bepaal in hoë mate die geskiedenis van 'n blad. Met elke ander redakteur sou *Tydskrif vir Letterkunde* 'n ander tydskrif gewees het, sou dit 'n ander gees geadem het en sou dit waarskynlik ander skrywers as medewerkers gehad het. Elke ander redakteur sou ander smake bevredig het — en sommige mense se smake gelukkig nooit bevredig het nie. Daarom wil ons hom verseker dat hy geen naberou moet hê as hy iemand oor die vingers getik het of sekere bydraes geweier het nie. Dis die lot van redakteurs om vriende en vyande te maak. Op sý wyse en volgens sý eerlike insigte het hy die koers gevolg wat vir hom die regte was. En ons het die getuienis van digters en skrywers oor sy hulpvaardigheid, sy aanmoediging. En miskien is dit uiteindelik meer werd as die werklike verskyning van 'n tydskrif. In so 'n sleutelposisie soos dié van redakteur van 'n belangrike blad rus daar op die redakteur méér as net 'n keuringsplig: ons volk het te min mense wat hulle bekommer oor die lot van die jong skrywer; ons het te veel slegsêers en *afbrekende* kritici. Maar van die opbouende werk agter die skerms weet die lesers van die blad nie. Namens talle wat hulle eerste skredes onder „prof. Abel" se aanmoediging kon maak, sê ons dankie.

Die voorsitter van die Tydskrifkomitee, die hulpredakteur, die adviseurs en die administratrise van die blad wens hom en sy gade nog baie vrugbare jare van selfgekose arbeid toe. Mag hulle nie rus of roes nie. Ons gun hulle die allerbeste.

ABEL JACOBUS COETZEE

Abel Jacobus Coetzee is gebore op die plaas Grootfontein by Rooigrond in die Lichtenburgse distrik op 27 Mei 1906. Eers, op 9-jarige leeftyd gaan hy skool toe, agtereenvolgens op Rooigrond, Buhrmansdrif, Fouriesgraf, Schweizer-Reneke en Christiana. Na hierdie laerskoolomswerwinge gaan hy in 1920 na die Volkskool, Heidelberg, waar hy in 1923 matrikuleer en in 1925 die O_2 aan die Heidelbergse Opleidingskollege verwerf. Die graad B.A. verwerf hy aan die Universiteit van die Witwatersrand in 1927, in 1929 die B.A. Honneurs, M.A. in 1930 en die D.Litt. in 1936 (met C. M. v. d. Heever as promotor) met die proefskrif: „Die Opkoms van die Afrikaanse Kultuurgedagte aan die Rand". In 1938 promoveer hy onder proff. Jos Schryner en Jac. J. van Ginneken aan die Universiteit Nymegen met die proefskrif: „Die Afrikaanse Volksgeloof".

In 1931 is hy getroud met mej. Catharina Elizabeth Britz en hulle het een dogter.

Hy gee vir twee kwartale in 1928 onderwys en word dan aangestel as junior lektor in Afrikaans aan die Universiteit van die Witwatersrand. In 1933 word hy bevorder tot lektor en tot senior lektor in 1936, en in 1947 hoogleraar in Afrikaanse Taal- en Volkskunde. Hierdie stoel sal hy beklee tot aan die einde van 1966.

Verbonde aan 'n Universiteit wat oorwegend Engels was, en woonagtig aan die Rand waar die Afrikaner 'n opdraande stryd moes voer vir die behoud en erkenning van sy eie, was Abel Coetzee een van dié wat as kampvegter vir die Afrikaanse gedagte aan die voorpunt staan. Aan die Universiteit van die Witwatersrand het hy hom toegespits op volkskundige navorsing veral deur taalgeografiese studies en taalopname. Na aanleiding hiervan word die Buro vir Taal- en Volkskunde as 'n afdeling van die Departement Afrikaans-Nederlands in die lewe geroep. Abel Coetzee behartig hierdie buro tot vandag toe en onder sy leiding word die Genootskap vir Afrikaanse Volkskunde in 1941 gestig. Daaruit word die Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal gebore wat onder sy redaksie staan.

Toe die R.K. Fraay-leerstoel vir Volkskunde en Taalkunde in 1947 ingestel word, word dr. Coetzee natuurlikerwys die eerste hoogleraar.

Abel Coetzee beweeg hom egter op wyer terrein as die aktiwiteite aan die Universiteit. Onder andere word hy deur die Departement van Onderwys aangewys as samesteller van die

Afrikaanse Volkskunde-Atlas. Hy is ook lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns se staande komitee vir Taal- en Volkskunde-Atlasse; hy is Raadslid van die Universiteitskollege Wes-Kaapland; dien in die Adviesraad van die Johannesburgse Kunsskool; Ere-redakteur van Ons Erfdeel (Wes-Vlaandere); Stigterslid van die Handhawersbond in 1929; stigterslid en van 1933 af 21 jaar lank Hoofsekretaris van die Afrikaanse Skrywerskring; Administrateur en Redaksielid van die Jaarboek van die Afrikaanse Skrywerskring (1936-1950); Medestigter en Administrateur van die Tydskrif vir Letterkunde tussen 1951-1957 en Redakteur van 1957 af tot op die hede; Nasionale Voorsitter van die Skrywerskring sedert 1957; stigterslid en eerste sekretaris van die Johannesburgse Skakelkomitee van die F.A.K.; Lid van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns; oud-lid Maatschappy der Ndl. Letteren, Leiden, en van die Historisch Genootschap, Utrecht, en talle ander verenigings en liggame waarin hy leidende en aktiewe rolle speel.

As skrywer is Abel Coetzee baie bedrywig. Sy eerste skets verskyn in 1929 in Die Natalse Afrikaner nl. „Die Tuin op die Wilkerstomp". Tot ongeveer 1937 kom daar slegs 'n veertigtal sketse en artikels van sy pen, veral daaraan te wyte dat hy die meeste van die tyd nog besig was met studie, maar van 1938 af styg die tempo tot gemiddeld een artikel per week, 'n produksie wat tot vandag toe gehandhaaf word. Die artikels handel oor letterkundige beskouings, Volkskunde en Volkskultuur.

Sy letterkundige werke word elders in hierdie blad bespreek. Ruimte ontbreek om die indrukwekkende lys te noem.

Abel Coetzee is bekend vir sy toegewydheid, sy menslikheid en sy toeganklikheid, ook vir sy studente — en op hierdie gebied het hy groot invloed uitgeoefen want in sy akademiese loopbaan was hy leermeester gewees in Taalkunde, Volkskunde en Letterkunde.

Sy bedrywighede was versprei oor baie en wyd uiteenlopende akkers. Met reg kan hy tevrede terugkyk en daarvan oortuig wees dat dit wat hy gegee het, goed was.

Dr. P. D. SWART

ABEL COETZEE — SY SPORE IN DIE SKRYWERSKRING

„Vir elkeen van ons breek die dag uiteindelik aan waarop die rumoer van die lewe om ons verstil, waarop die vetes waarby ons betrokke was vergeet word, waarop maagskap en vriend en kennis by ons skadelose stof saam vergader om onder mekaar te vra: Watter soort mens was hy? Wat het hy beteken? Waaraan sal ons hom onthou? Want waar die dood intree, word ons vir 'n oomblik gereinig van ons aardse kleinlikhede en ons word gekwel deur twyfel of ons oordele en veroordelings van die verlede nie dalk op eiegeregtigheid gegrond was nie. Dan, met verhelderde blik, sien ons vir 'n enkele oomblik die waarde wat 'n tydgenoot se lewe vir ons gehad het."

So het Abel Coetzee geskryf in 1957 na die dood van sy groot vriend en voorganger, C. M. van den Heever.

Nou dat Abel Coetzee by die punt gekom het waar hy hom so-te-sê geheel en al onttrek het aan die nie-skeppende gebied van die Afrikaanse letterkunde, verdien hierdie treffende paragraaf opnuut ons aandag.

„Wat het hy beteken?" So lui een van die vrae hierbo. Te dikwels word mense se betekenis eers na hulle dood ondersoek en val lofredes, kritiese aanmerkings en dankbetuigings op letterlik *dooie* ore. Ek sou dus graag hierdie tydstip wil kies om die vraag hierbo te beantwoord en my antwoord uitsluitlik te beperk tot die diens gelewer deur hom aan die Afrikaanse Skrywerskring en sy twee publikasies: „Jaarboek van die Afrikaanse Skrywerskring" en „Tydskrif vir Letterkunde." Nie alleen het hy die Afrikaanse letterkunde en so die Afrikanervolk gedien deur die aktiwiteite nie, hy het gedien met die instrumente wat hy help skep het in sy rol van medestigter en mede-oprigter.

Kortliks en onpersoonlik lui 'n verslag van sy Skrywerskring-aktiwiteite so: In 1934 het hy saam met C. M. van den Heever en 'n groepie ander belangstellendes, waaronder J. van Melle, W. van Heerden, W. H. Wilcocks, P. W. Schümann. P. de V. Pienaar en S. Ignatius Mocke, die Afrikaanse Skrywerskring gestig.

Alhoewel hy nie die eerste sekretaris was nie het hy wel tog binne 'n jaar die sekretarisskap aanvaar. Die amp wat ook vir 'n lang tydperk die van penningmeester behels het, het hy eers in 1954 neergelê — 'n tydperk van twintig jaar

dus. In 1954 word die erelidmaatskap van die Skrywerskring aan hom toegeken. In 1954, 1955 en 1956 het hy hom onttrek van die Hoofbestuur omdat sy werksaamhede as dekaan van die Fakulteit Lettere aan die Witwatersrandse Universiteit te veel van sy tyd in beslag geneem het. In 1957 keer hy egter terug om, ná die dood van C. M. van den Heever, die voorsitterskap van die Werkgemeenskap Johannesburg en van die Dag- en Hoofbesture oor te neem. In 1965 tree hy uit as voorsitter van die Werkgemeenskap Johannesburg en in April 1966 lê hy ook die ander twee belangrike ampte neer. So het hy die klein skeppinkie van 1934 sien groei totdat dit onder sy leiding tot 'n aantal werkgemeenskappe met 'n groot totaal van ongeveer 150 lede aangewas het. Telkens sedert 1957 is hy sonder teenstem herkies in al die bogenoemde ampte en alleenlik op sy eie aandrang het hy hulle nou neergelê.

Die „Jaarboek van die Afrikaanse Skrywerskring" en die „Tydskrif vir Letterkunde" is so nou by die organisasie self ingeskakel dat dit van pas is om die rol wat Abel Coetzee hier gespeel het na te gaan. Na die stigting van die Skrywerskring is daar besluit, veral op aandrang van mense met persverbintenisse soos Kootjie van den Heever, W. A. Wilcocks, Ign. Mocke, Uys Krige, W. van Heerden en A. M. van Schoor, om 'n jaarboek uit te gee. Die eerste jaarboek het dan ook in 1936 die lig gesien. In 1937 het Abel Coetzee die administrasie van hierdie publikasie oorgeneem en dit behartig tot 1950. In 1951 was hy mede-oprigter van die nuwe kwartaalblad „Tydskrif vir Letterkunde" en hier het hy weer eens die administrasie waargeneem. Toe hy in 1957 die redakteur geword het, is die administrasie oorgeneem deur mej. S. Victor. In die derde uitgawe van 1957 verskyn sy naam die eerste maal as redakteur en in hierdie uitgawe, die tweede van 1966, verskyn dit dan vir die laaste maal.

Sy bereidwilligheid om in 1957 al hierdie verantwoordelikhede te aanvaar, is veral lofwaardig as 'n mens in ag neem dat hy sedert 1944 ook voorsitter was van die Genootskap vir Afrikaanse Volkskunde en redakteur van die liggaam se blad: „Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal."

Hoeveel Abel Coetzee wel veil gehad het vir die Afrikaanse Skrywerskring het vir my eers duidelik geword gedurende 'n aantal jare se noue samewerking met hom. Geen moeite was te veel, geen opoffering ooit te groot nie. Sy lewensfilosofie kon 'n mens hier so duidelik lees as in enige van die ander aspekte van sy lewe: 'n Taak is aan jou opgedra — jy het dit aanvaar — nou is alleen die BESTE goed genoeg! Stampe, stote, houe toelaatbaar en ontoelaatbaar, teleurstellings, niks kon hom van sy ingeslane weg laat wyk nie. Doelgerig het hy die Afrikaanse Skrywerskring gelei tot hiertoe.

As 'n persoon die gekose leier is van so 'n groot aantal skrywers lê dit voor die hand dat hy baie duidelike beskou-

ings daarop sal nahou oor die rol van die skrywer. Abel Coetzee is 'n Afrikaanse skrywer, nie omdat hy gebruik maak van die Afrikaanse taal as instrument nie, maar omdat die Afrikaanse taal en letterkunde vir hom verweef is met die tradisies en die groei van sy volk. Die Afrikaanse taal, letterkunde en die Afrikaanse volk is EEN! Skryf jy daarom in Afrikaans het jy jou verpligtings teenoor jou Afrikaanse gemeenskap. Die skrywer moet vry wees, maar binne die beperkings hom opgelê deur sy gemeenskap. Die volgende is die slotwoorde van 'n referaat deur hom gelewer te Pretoria in 1958 op die derde Uniale kongres van die Afrikaanse Skrywerskring.

„Ek sluit af met die vertroue dat ons besprekings vandag en more ons almal sal help om nou of by hernuwing 'n duidelike beeld te vorm van die verhouding tussen ons as woordkunstenaars en ons tydgenootlike Afrikaanse lesersgemeenskap, asook van die wonderbaarlike wyse waardeur ons deur middel van ontelbare onsigbare kultuurweefsels onlosmaaklik gebind word en bly aan dié groep mense wat soos ons dink en voel en dieselfde moedertaal as ons gebruik om uiting te gee daaraan. Wanneer ons as woordkunstenaars 'n sodanige hoogvlammende bewustheid in ons omdra, kan ons nie anders wees as vrymanne van die gees nie, en ons kan nie anders as om te weet dat die hoogste vryheid daarin bestaan dat 'n mens die binding van jou bande aanvaar en daarna leef en werk nie — al skaaf die tuig ook al. Ons is die geestelike voorlopers van ons volk, op die voorpunt van die stryd teen geestelike en kulturele verstolling. Laat ons daarvan bewus wees, en die verpligtings wat dit op ons plaas, aanvaar."

Ook in sy voorsittersrede op die Hoofbestuursvergadering van die Afrikaanse Skrywerskring op 17 Mei 1963 in Pretoria onderskryf Abel Coetzee weer eens wat hy vroeër hierbo gesê het. In hierdie beleidstelling van die Afrikaanse Skrywerskring stel hy skrywers gerus oor die veelbesproke Publikasiewet. Groot opgewondenheid het geheers, name is met groot smaak op manifeste geteken — ja, selfs skrywers wat al ontsettend lank in die tand was, het wild agterop geskop oor hierdie ongewone spel (geskop in die rigting van die Skrywerskring). Abel Coetzee het met sy ewewigtige oordeel 'n helderder insig oor die saak gehad, en sy vertroue in die opstellers van die Wet en die sogenaamde Sensorraad, d.w.s. in die gemeenskap self, is geensins teleurgestel nie.

Dit het nie altyd net voor die wind gegaan nie. Vetes was daar ook! Hy het soos blits toegeslaan op enige iemand wat volgens sy oordeel op 'n ongeoorloofde of onwaardige wyse sy „beginsels en waardes" aangetas het. Hy was en bly 'n gedugte opponent want sy brein is verbasend skerp en hy besit die vermoë om 'n saak glashelder te stel.

Miskien moet 'n mens dié deel van die artikel afsluit met 'n gedeelte wat ek graag as sy belydenis sou wil bestempel.[1]

„Ek, ek ly nog aan die ou kultuur, aan die ou instellings van sedelikheid en godsdiens, en ek probeer nog onderskei tussen goed en kwaad, ek weet wat myne is en wat joune, vir my berus die verskil tussen volke nie op sintuiglike bedrog nie, ek vertrou op 'n Goeie God, ek probeer my lewe inrig volgens die ou geloof omdat ek vertrou dat EK is en dat ek IS in en deur Hom. Ek gevoel my 'n Godgelowende en 'n God-aanbiddende mens, vir wie God die maker is van al wat is, wat was, en wat ooit sal wees, die Orde in die Ordelikheid en Wetmatigheid wat so diepsinnig en omvangryk en tegelyk so eenvoudig deursigtig is dat selfs die mens 'n skimbeeld kan vorm van die ewig vervloeiende vorm en met die oë van 'n kind die reinheid en die ewige vaste orde daarvan kan aanskou — die Kern van alle dinge, die Vorm wat blywend is en wat in die Ewige Vloeiing ook Sy Wil laat geskied.

Ons ken ten dele en ons weet ten dele, en dit sal nooit anders wees dan dat ons só ken en só weet nie. Maar wat ons ken en wat ons weet is so aan ons gegun tot ons vertroosting en tot die versterking van ons geloof aan die Ewige, Enige God van gister, vandag en more. Wat ons ken en wat ons weet — uit die aard daarvan altyd betreklik — moet dien daartoe om ons sin vir waardes te behou en om waardige en waardevolle skepsels te bly, vaste punte deur al die vervloeiing heen — die ewewigtige in die vervloeiing."

Nou sal Abel Coetzee terugdink met weemoed en dankbaarheid aan 'n groot aantal persone, sommige nog in die lewe. Nie alleen aan ontslape kamerade of aan medewerkers van sy Tydskrifte en lede van die Skrywerskring wat hom gesteun het nie, maar ook dié wat hom, en C. M. van den Heever voor hom, moreel en finansieel onderskraag het. Name, luisterryke name uit die verlede, soos dié van wyle gen. Hertzog en mnre Klasie Havenga, Ben Havenga, J. H. Viljoen en Harm Oost, en nog in die lewe oud-minister Serfontein, ministers Hertzog, De Klerk, Vorster en Marais Viljoen, mnre O. Bekker en Jan Victor en mej. S. Victor. Die Afrikaanse Persfonds, die Harm Oost-fonds — hoe het hulle nie saam met die toekenning van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap gehelp om sy Skrywerskring en Tydskrif te laat voortbestaan nie.

Van 1934 to 1966!! Vir hierdie twee-en-dertig jaar van opoffering en diens aan Afrikaans, die Afrikaanse letterkunde en die Afrikanervolk ons blywende dank! Nog baie jare van voorspoed en harde werk word u toegewens!

---

[1] *Tydskrif vir Letterkunde, Jaargang 9, No. 2, p. 76-77*

Dr. C. W. HUDSON

ABEL COETZEE AS SKRYWER

Abel Coetzee se skryfwerk betrek haas elke genre van die skrywersbedryf, behalwe die drama. Sedert sy heel eerste gepubliseerde stuk — *Die Tuin op die Wilkerstomp* — het daar van sy hand verskyn twee romans, t.w. *Waarheen, Vader?* (1940) en *Aan die Dag se Soom* (1946). Verder is daar twee novelles, *Waar die Waterbul Brom* (1947), *Die Dans van die Dwarrelwinde* (1950) en 'n lang skets, *Lewenslank* (1958). 'n Bundel kortverhale, *Skimme van die Goudstad,* het in 1936 die lig gesien. Hierbenewens is talle ander kortverhale in verskillende tydskrifte opgeneem. Op die gebied van die skets, moontlik sy omvangrykste bellettristiese bydrae, het o.a. die 24 *Angeltjies in Die Brandwag* (8.1.1952 e.v.) verskyn. Abel Coetzee het vir tydskrifte meer as 1500 artikels oor velerlei en allerlei onderwerpe geskryf, d.w.s. gemiddeld een per week sedert die aanvang van sy skrywersloopbaan. By sy letterkundige handboeke ressorteer ook die talle resensies en literatuurbeskouinge wat in *Die Vaderland* en ander tydskrifte verskyn het. Abel Coetzee se verse is *Die Halwe God* (1958), *Ruiter in die Wind* (1961) en *Die Spieël Breek* (1964); laasgenoemde twee is private publikasies. Radioverhale en -sketse soos *Uit my Kontrei* (11.10.1956), *Vol Korwe* (28.1.1957) en *Die Rooi Angelier* (21.4.1959) tel ook onder sy œuvre; van sy radiopraatjies kan genoem word: *Woeling en Wording* (1961) wat uitgesaai is onder die titel *Uit Ons Aarde,* verder *So Langs die Pad* (1962) en *Die Ossewa* (1966), 'n reeks kultuurhistoriese praatjies. Abel Coetzee is medewerker aan 'n aantal oorsese tydskrifte, soos *Dietse Warande en Belfort* en *De Spectator.* Van 1957 tot 1965 was hy redakteur van *Die Tydskrif vir Letterkunde* en sedert 1944 redakteur van die *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal.* Hy het onder die skuilname Soul Erasmus Smit, Johan Lohmann en Tant Siena in die *Tydskrif vir Letterkunde* stukke geplaas. In 1966 word hy redakteur van *Die Handhawer* van die F.A.K.

Enigeen moet geredelik toegee dat dit 'n groot werkvermoë weerspieël oor 'n werktyd van omtrent 27 jaar. Genoeg om by sy sestigste verjaardag voldoening te verskaf.

Oor Abel Coetzee se skryfwerk, in enger sin die literêre werk, het die Vlaamse geesgenoot van Coetzee, André Demedts, hom soos volg uitgelaat: „Kunstenaar is degene die zich van zijn eenmalige persoonlijkheid bewust is en zo uitdruk-

ken kan wat in hem leeft, dat anderen erdoor aangedaan worden. Wij vinden wat Coetzee verhaalt en dicht altijd levend, altijd boeiend. De schoonheid die hij bied bezit de kleur en de geur van zijn land, ze toont de problemen die er thans gesteld worden en schenkt tegelijk inzicht in de eeuwige mens. De mens die hij is en wij zijn. Dat te mogen neerschrijven sluit de erkenning van zijn adel en grootheid in!"[1]

Al kan 'n herlees van Abel Coetzee se werke nie alles staaf wat in gemelde artikel gestel word nie, is die kern van Demedts se bevindinge tog redelik juis. Dit is bv. duidelik dat Coetzee se letterkundige werke nie vry te spreek is van soms hinderlike subjektivisme nie, en dikwels oorheers die denker in hom ongelukkig die skrywer, word sy werk tendensieuse strydskrifte. Verder ontworstel hy hom soms moeilik aan die bande wat die literêre vorm hom oplê, veral t.o.v. die genre van die kortverhaal, waar hy t.o.v. die aanvang en slot soms struikel. Partykeer is die vertelling, die verhaal-element as sodanig te skraps en nie boeiend genoeg nie. Coetzee neig om self te veel die woord te doen in plaas van sy karakters te láát praat.

Maar hierteenoor besig Abel Coetzee meestal 'n nugtere, direkte taal en hy toon 'n eenvoudige styl wat eerlik tot die leser spreek. Plek-plek slaag hy daarin om sy fiktiewe persone léwend in 'n duidelike milieu te plaas en as herkenbare gestaltes te omlyn. Daarby adem sy prosawerke die eie bodem se gees, waarmee die genre van die Afrikaanse plaasnovelle verryk word.

Baie van die temas in Abel Coetzee se werke, waaronder veral die sosio-ekonomiese probleme, die relatiwiteit van stedelike en plattelandse leefwyses, rasseverhoudings, etiese en religieuse probleme, liefde vir eie bodem en volk, die verhouding tussen volksmens en kunstenaar, ens. dra duidelik die stempel van Coetzee se vakkundige studie en is 'n besinning oor die wese van die gemeenskap en die verskynsel van kultuur, wat hy as doserende volkskundige natuurlik verken het. Een van die vernaamste temas skyn egter te wees die wonder en/of probleem van menswees. Dit is die steekhoudende eie-bodem van Abel Coetzee se skryfwerk. In 'n skets getiteld *Ek is* lees 'n mens: „Ek soek na die onsigbare. Die een ding sien ek, en om te sien, is om te glo; die ander ding sien ek, en ek glo dit nie; die derde sien ek, en ek weet nie wat werklik is en wat skyn nie". Dié gedagte word later in *Lewenslank* vollediger verwerk. Dit is 'n denkbeeld wat waarneembaar is in talle van Coetzee se geskrifte. Dit kan sy bestaansbewustheid genoem word. Dié *Ek is*-begrip kom dikwels in die bundel kortverhale, *Skimme van die Goudstad*, weliswaar nog onseker en onfinaal geformuleer, dog duidelik waarneembaar voor. Sketse soos *Om die Hoek*, *Goudjagters*, *Rus* dra spore van dié denkrigting, maar eers in *Lewenslank* sou dit as bewuste wyserige inslag geformuleer word. Sy belangstelling in die wysbegeerte van Kierke-

gaard en die religieuse filosofie van Schubart is 'n moontlike bronaar van hierdie strekking in Abel Coetzee se geskrifte. Dit is ook aanwesig in die skrywer se geestelike poësie wat meestal dui op berusting in die wil van God en aanvaarding van die mens se lotsbestemming.

Dié vorm van berusting in die noodlot word deur die leser van *Waarheen, Vader?* (p.30 e.v.) besef. Verder gaan die werk ook oor die enkeling-samelewing-tema in Coetzee se werk: „So broos is die geluk van die mens. Een stoot van jou medemens, en dit lê alles aan stukke". Deur middel van 'n heel eenvoudige verteltrant beeld die skrywer in dié roman doodgewone mense, nie-gekompliseerde mense uit wat gelate hulle lot van Kleurlingwees onder Blankes móét aanvaar, dog woordeloos en diepmenslik ly onder 'n onverbiddelike noodlot. Die hoë tragiek van hierdie eenvoudige mense is nêrens aangrypender uitgebeeld as in die toneel wat hom in die skoolraadkantoor afspeel nie, en weer in die slottoneel: „Hy staan daar buite. Hy sal nooit tot hulle toegelaat word nie, al het hy dieselfde belange, al behoort hy aan dieselfde kerk, al het hy dieselfde beskawing". (p.185). G. Dekker noem die roman „'n verdienstelike, eerlike eerste poging om hierdie moeilike motief te behandel."[2] Hier is Coetzee die kenner van die volkstaal en die volkskultuur, die kenner van maatskaplike verhoudinge en inter-menslike spanninge aan die woord. In sy geheel genome, kan dié werk 'n geslaagde probleemroman genoem word, ondanks 'n paar los onderdele wat nie heg by die hoofgedagte ingevleg is nie: die tennisbaan- en skool-episodes, die vrou se berusting sonder dat haar sielswroeging aangetoon word.

Aan die Dag se Soom is grotendeels outobiografies van aard en handel oor die lewensprobleme van die adolessent in die kosskool-opvoedingsituasie. In dié werk steur die grootmenssiening van die situasies deurgaans, ten spyte van 'n aantal geslaagde kleinbeelde van die koshuislewe; die roman word vis nog vlees wat sy opset betref d.i. nòg seunsverhaal nòg roman óór die kosskoolsituasie vir volwasse verorbering. In sy tegniek gee die skrywer te veel blote relaas, dramatiseer hy die gegewe nie volledig genoeg deur middel van bv. dialoog of dinamiese situasiebeelding nie.

Groter rypheid, meer tegniese vaardigheid en 'n hegter vormkonsepsie word aangetref in *Waar die Waterbul Brom* wat in die aanvangsin die strekking van die werk aandui: „Onreg en onheil is tweelingbroers". Sielja se man is opperste materialis, sý sagsinnige idealis. Dié verskil in geaardheid gee aanleiding tot haar uiteindelike vereensaming en dood „in hierdie omgewing van geharde praktiese mense wat nie drome droom nie" (p. 18).

Die stof en tema hier is op minder subjektiewe wyse benader as die voriges, meer na die objek gerig wat meebring dat die persone helderder ver-beeld is. As vormgebrek geld nog te

veel skrywersrelaas en te weinig situasie-dramatisering. Waar die skrywer egter sy stof ingrypend verwoord soos bv. die rusie oor die plaasverdeling op p. 45 kom prosakuns voor wat gelyk staan met die beste in Afrikaans.

Op treffende wyse word die sielewerking van 'n hebsugtige eggenoot uitgebeeld. Die hoofklem word egter geplaas op Sielja wie se siel bietjie-bietjie gesloop word tot die dood toe met die vernietiging van haar idealisme. Die lank uitgerekte slot doen ongelukkig afbreuk aan die volslae beslegting van die verhaal (Sielja se dood word te onwerklik voorgestel; dit kon vinniger en oortuigender afgemaak gewees het met haar eerste dwaling na die valsgat. Die blik in Herculaas se siel kom ook m.i. te laat in die vertelling voor. Sy knellende lafhartigheid moes sedert die aanvang met die verhaal ineengevleg gewees het.)

'n Mooi faset van die novelle is die volgehoue geheimsinnigheid van die vlei en die bygelowigheid van die plaasbewoners. Die ou volksgeloof is kunstig bygehaal om 'n onheilspellende atmosfeer te skep wat stuwend inwerk op die handeling.

Prysenswaardig is die klare taalgebruik in die werk. Dit is direk en sonder omhaal van woorde. Die suggestie speel gevolglik sy regmatige rol.

Abel Coetzee se suksesvolste literêre werk is m.i. *Die Dans van die Dwarrelwinde*, omdat van die tot dusver genoemde gebreke die minste daarin teenwoordig is (behalwe vir 'n ietwat melodramatiese slottoneel en onvergeeflike karakterverandering-sonder-groeiproses). Mooi is mens en omgewing tot 'n eenheid versmee. Sterk word die tema beklemtoon deur alle gebeure heen: die strewe na die stoflike besit wat die siel van die mens verdor. Daarbenewens word berou gestel oor gedane sake wat egter g'n keer het nie. Weer eens dus die aftakeling van 'n mens tot tema. Weer eens 'n plaasmilieu van 'n aantal dekades gelede, oortuigend en duidelik beskryf. Die dans van die dwarrelwinde tydens die droogtes deur die vertelling heen is 'n knap gehanteerde newemotief.

Ouma Sofya, wie se minderwaardigheidsgevoel ontstoke is omdat sy as gewese bywonersvrou die vrou van die plaaseienaar word, moet haar nou handhaaf teenoor die buitewêreld. Sy oordryf gevolglik haar rol as sodanig. Sy raak van haar stiefkinders en haar eie vervreemd, sy verhêl die lewens van haar bywoners. Ten slotte bly sy met net haar eie berou oor.

Die hoofpersoon se boetedoenery kom ongelukkig aan die slot net nie reg voor nie, nogtans is die stof as geheel genome tot bevredigende eenheid verdig. As gevolg van 'n hegte vormstellasie kom tema en mensbeelding in hoë mate tot hul reg. Die bywoner wat tot 'n uitbarsting gedwing word, vat die tema saam met sy uitlating: „Jy, jy is net soos die dwarrelwinde op die vlakte, jy verdor en verskroei en maak alles om jou dood, jy is die Satang van Uitkyk se Vlakte. Jy gryp en jy palm

in en jy jaag na en almal om jou vernietig jy" (p. 104). Met stygende tempo stuur sy op haar eie ondergang af: „Haar lewe het doelloos geword" (p. 121), en weer: „So is ons almal gelyk, bywoners wat maar 'n tydjie vertoef en dan verdwyn van die vlakte af, verdwyn uit die lewe uit waar niemand ons meer ken nie" (p. 130). En op dié punt moes die verhaal geëindig het, want die laaste vyf bladsye doen m.i. afbreuk aan 'n andersins gawe kunswerkie — Meraai ontluik alte skielik as filosoof vol lewenswysheid, ook as tussenganger, met die gevolg dat die vinnige versoenings net nie lewensgetrou kan voordoen nie.

Vandag, sedert die intrede van gemeganiseerde boerdery, doen hierdie werk vars voor. Die beskrewe plaas en sy bewoners is met die verskyning van die boek moontlik as ouderwets beskou, dog vandag kom die milieuskildering en menstipes van 'n verdwene toneel aantreklik voor.

Lewenslank gee 'n insae in die stedelike Afrikaner (herkenbare ou Braamfontein) se lewe en wandel van 'n aantal jare gelede: triestige toustanery tydens die oorlogsjare, perdewedrenne en kortom die hele menslike karavansera in so 'n bestaan: Vandermerwel, die tiekiedraaimakelaar, neef Org en nig Ralie, die ver-plaasdes; skelm, bejammerenswaardige Andries, sowel as die talle naamloses in die hele gedrang.

Abel Coetzee beeld die stadsbestaan hierin uit as 'n gevangenisstraf wat lewenslank duur; die aanpassende (Afrikaner veral) stedeling verlang op atavistiese wyse na 'n idilliese bestaan op 'n eie plaas, dog ook dit kan die gees nie bevry nie, die gemoed nie lug nie — die vryheid is in die gees.

Op die plasie wat hy koop, wil oom Jan die nodige tyd vind wat hom in staat moet stel om sy eie ek, sy *Ek is* te vind, sodat hy hom oor verlede, hede en toekoms kan besin. Hy wil van sy eksistensie verslag doen aan homself, van sy hele afgedane stadsbestaan (pp. 11-13).

In die werk word onder andere ook die motief aangetref van die opgaar van stoflike dinge om die lewensbestaan te beveilig, met die ontnugterende besef later dat stoflike besit die mens nie teen die dood kan beskerm nie (vgl. p. 105). Ander eienskappe van die werk is die uitbeelding van die humoristiese, die siening van die patetiese, die geestige en ironiese lewensituasies in die stedelike milieu — die tousprinqers voor die slaghuis, die heer wie se nuwe pak klere bemodder word, die huwelik van Amalie wat teen haar ouers se sin met 'n uitlander trou, die patetiese kleptomaan Andries, e.d.m.

Lewenslank bied meer subjektiewe relaas as lewensuitbeelding, meer mymering as dinamiese drama. Hier is Coetzee die denker en kultuurmens aan die woord eerder as die skrywer van fiksie. As genre moet die werk m.i. eerder as lang skets dan as novelle bestempel word. Die werk se vernaamste waarde-

aspek bestaan in sy intellektuele inhoud, eerder as in die literêre uitbeelding.

Die verse wat deur Abel Coetzee geskryf is, is 'n bydrae tot die tradisionele geestelike lied in Afrikaans. Dit is uitinge bedink rondom die denkbeeld van die skeppingsdaad van God. Van die beste sonnette wat nie onwennig voordoen nie, is himnies van aard en toon, en het 'n eie-soortige godsdienstige innigheid.

Omdat die mens 'n skepsel van God is, en sy Onrus deelagtig is, strewe die mens na rus en uiting vir sy eie skeppingsdrif. Daar is in die verse spore van metafisiese denkbeelde, van 'n Calvinistiese geloof in die bestemming van die mens, van panteïsme, natuurmusiek, van 'n etiese beslegting t.o.v. goed en kwaad. Dit is 'n verwoording van die skrywer se religieus-wysgerige denke.

Met sy bydrae tot die intellektuele besit van die Afrikaner het Abel Coetzee, die skrywer, tot dusver veel vermag. Hy het 'n onmiskenbare onderskraging aan die Afrikaanse letterkunde gelewer in die genre van die novelle. Van sy latere kortverhale is nuttige bydraes tot dié genre in Afrikaans. Sy sketse en artikels hou 'n waardevolle bydrae in. Sy deelname aan die uitbouing en opheffing van die beeld van die Afrikaner staan onvermoeid en groot. Abel Coetzee se *Ek is* is dié van die tydgenootlike intellektuele Afrikaner wat ook boermens is, en sy letterkundige bydrae is van so 'n mens — en soos hy is, so skryf hy.

---

1. Tydskrif vir Letterkunde, Mei 1963, p. 56.
2. G. Dekker: Afrikaanse Literatuurgeskiedenis, 8e druk, p. 331.

Dr. S. J. DU TOIT

ABEL COETZEE AS VOLKSKUNDIGE

Die eerste skrywers wat ons Afrikaanse volkskunde behandel het, gewoonlik by wyse van proefskrif, het daarmee begin ruim honderd jaar nadat dit, aanvanklik eers romantiekerig en bukolies, in Europa as 'n stroompie begin vloei het, om geleidelik aan breedte en diepte te win, tot dit voor die end van die Negentiende Eeu tot 'n ontsaglike vloed geword het. Hulle was dus geneig om, wat hulle hier by ons kon aantref, teen so 'n agtergrond gesien, te seer as enkel karige reste te beskou van wat in die vorm van mites, verhale, volksliedere en ander vorme van mondelinge oorlewering eens 'n ryk geheel sou gevorm het. Dit was die werk van Abel Coetzee en sy jongere, leerlinge en medewerkers, om deur verskuiwing van aksent en nuwe basisstelling in aanmerklike mate wysiging in hierdie ietwat eensydige beskouingswyse te bring. Die reste waarmee hulle gewerk het, was vergelykenderwyse gesproke, wel nog karig, maar hulle het dit laat sien as uitspruitsels uit 'n ryk, nog altyd aanwesige bodem; die reste kon dikwels aangetoon en betrag word as maar opslaansels uit die belangriker ondergrond van volksaard en volksiel en moes nie gewaardeer word enkel uit hoofde van hulle betekenis as oorgelewerde, tradisionele gegewensmateriaal nie. In sy boek, *Die Afrikaanse Volkskultuur* (1953), haal Abel Coetzee, naas die definisie van Schrijnen — „sistematische rationele navorsching van den ondergrond der kultuur" — samevattend die opvatting van Lord Raglan aan, waar hy meer aandag vra vir „volkskunde as 'n historiese wetenskap waarin die sedes en gewoontes van die hele volk opgeteken, vergelyk en na hulle oorsprong en funksie bestudeer moet word, om dan die oorsake van die veranderings en wysigings wat met die verloop van tyd plaasgevind het, te probeer vasstel. Sodoende word volkskunde 'n wetenskap."

Ons het inderdaad ver verskuif van die definisie van Thoms in 1846, toe hy „Folklore" gedefinieer het as „that department of the study of antiquities and archæology which embraces everything relating to ancient observances and customs, to notions, beliefs, traditions, superstitions and prejudices of the common people." Hierteenoor staan die stelling van Abel Coetzee: „Die volkskunde hou hom besig met die hele volkslewe in sy volle ingewikkelde geleding van onder- en opperlae, hede en verlede, styging en daling, individuele en gemeenskaplike, landelike en stedelike, van wording en verwording,

van nasionale en internasionale, en van die insig tewens dat, hoewel volkskunde geen hulpwetenskap meer is nie, dit tog veel kan ontvang van die verwante geesteswetenskappe en gelyktydig ook veel kan bydra tot verryking daarvan." Folklore, in sy enger opvatting, het Volkskunde geword.

Daar is natuurlik in die groot honderd jaar wat sedert 1846 verstryk het, baie oor volkskunde geteoretiseer en gepolemiseer, en oor sy inhoud is daar selfs vandag nog nie eenstemmigheid nie. Dit word weerspieël o.a. in *The Funk & Wagnall's Standard Dictionary of Folklore, Mythology and Legend*, waarin, liewers as om te strewe na een samevattende definisie, 19 omskrywings deur vooraanstaande folkloriste aangebied word. In hulle geheel gee hulle 'n beeld van wat die omvang en inhoud van hierdie wetenskap is, veral van wat ons aan sy oppervlak te sien kry. Oorsigtelik stel Marius Barbeau dit in *sy* definisie as volg: „Whenever a lullaby is sung to a child; whenever a ditty, a riddle, a tongue-twister or a counting-out rhyme is used in a nursery or a school; whenever sayings, proverbs, fables, noodle-stories, folktales, reminiscences of the fireside are told; whenever out of habit or inclination, the folk indulge in songs and dances, in ancient games, in merry-making to mark the passing of the year or the usual festivities; whenever a mother shows her daughter how to sew, knit, spin, weave, embroider, make a coverlet, braid a sash, bake an old-fashioned pie; whenever a farmer on the ancestral plot trains his son in the ways long familiar, or shows him how to read the moon and the winds to forecast the weather at sowing or harvest time; whenever a village craftsman — carpenter, carver, shoemaker, cooper, blacksmith, builder of wooden ships — trains his apprentice in the use of tools, shows him how to cut a mortise and peg a tenon, how to raise a frame house or a barn, how to string a snowshoe, how to carve a shovel, how to shoe a horse or shear a sheep; whenever in many callings the knowledge, experience, wisdom, skill, the habits and practices of the past are handed down by example or spoken word, by the older to the newer generations, without reference to books, print or schoolteacher; then we have folklore in its own perennial domain, at work as ever, alive and shifting, always apt to grasp and assimilate new elements on its way; . . . it is the born opponent of the serial number, the stamped product, and the patented standard."

Ek wil nie beslis of dit die hele veld dek nie. Maar dit is hier genoeg. As ons daarmee in gedagte ons blik laat gaan oor die „pad van Suid-Afrika", dan sien ons met een oogopslag hoe ryp en ryk die velde is. En dit is die lande wat Abel en sy jongeres bewerk het en nog steeds bewerk. Die volkskundige kan probeer om so 'n gebied in sy geheel te bearbei, te dek. Dit het F. Th. Schonken vir Suid-Afrika tentatief probeer doen in sy proefskrif wat, na sy vroeë heengaan, in

1914 deur toedoen en met voorligting van sy vriend D. Fuldauer, verskyn het as *De Oorsprong der Kaapsch-Hollandsche Volksoverleveringen,* en later, in 1953, Abel Coetzee in sy samevattende werk, *Die AfrikaanseVolkskultuur, inleiding tot die Studie van Volkskunde.* In die meer as vyftig jaar wat sedert Schonken verloop het, het daar baie gebeur. Afrikaans het 'n amptelike taal in Suid-Afrika geword in plaas van Hollands en op die gebied van die volkskunde is daar wyd en syd stof ingesamel waaroor ons eerste baanbreker nie beskik het nie. Dit is opgeteken en behandel in meer as een geskrif en in tal van artikels, o.a. deur S.P.E. Boshoff, maar veral deur Abel Coetzee en sy skool.

Hierdie werk van insameling en uiteensetting het, soos altyd, veral die vorm aangeneem van spesialisering in die een of ander onderdeel van die groot geheel waarvan ek hierbo 'n beeld probeer gee het. Daar was o.a. die bundels van S.P.E. Boshoff en L. J. du Plessis en die proefskrifte van C. F. Groenewald, C. Pyper, S. J. du Toit, F. C. Dominicus, I. D. du Plessis, en, belangrik veral, dié van Abel Coetzee self, *Die Afrikaanse Volksgeloof,* waarmee hy in 1938 die doktorsgraad verwerf het onder prof. Jos. Schrijnen aan die Universiteit van Nijmegen. Hy het toe alreeds bekendheid verwerf as skrywer van *Die Opkoms van die Afrikaanse Kultuurgedagte aan die Rand,* wat in hoofsaak die proefskrif was waarmee hy in 1936 sy eerste doktorsgraad behaal het, in the Lettere, aan die Universiteit van die Witwatersrand. In 1941 volg sy fynuitgewerkte studie *Tokkelossie,* 'n bydrae tot die Afrikaanse Volkskunde en Taalkunde, veral bedoel, soos hy êrens meedeel, as proef vir sy studente van hoe so 'n studie so ongeveer aangepak kan word. Van belang is dat hy hierby gebruik maak van 'n metode, die sistematiese geografiese opname, in die aanhangsel met kaarte weergegee, wat later by hom en sy studente in hulle vorsing na volkskundige gegewens en die volkstaal so 'n ruime toepassing sou vind.

Dit bied ons enigermate 'n beeld van Coetzee se grotere geskrifte in verband met die volkskultuur en volkstaal. Óm hierdie groot geheel kry ons sy talryke artikels in Afrikaanse en Nederlandse tydskrifte: *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal, Volkskunde* (Amsterdam), *Orbis* (Brussel), en sowat 450 artikels in *Die Brandwag* in die rubriek *Waar die Volk Skep,* aangevul deur die bydraes van die studente wat by hom hulle meesters- en doktorsgrade behaal het, en met graagte gelees solank die rubriek bestaan het. Dan is daar ook sy studente se tesisse en proefskrifte vir die M.A.-, M.Ed.-, Ph.D.- en D.Litt.-grade waarby hy as promotor opgetree het. Ek tel tien van hierdie geskrifte. Daar is bepaald meer, ook ander werk, soos drie reekse uitsaaipraatjies ,en die vyftien jaar lange bestudering van die volksgeneeskunde as lid van 'n komitee

van die S.A. Akademie — 'n taak wat onder sy leiding afgehandel is in 1965.

Hierdie materiaal, vrug van insameling en navorsing, het Abel Coetzee grotendeels tot sy beskikking gehad, toe hy eindelik sy magnum opus op hierdie gebied, *Die Afrikaanse Volkskultuur*, geskryf het. Daar lê 'n lang pad van arbeid en vorming agter. Dit blyk uit alles. Die styl het meer gedeë geword, meer presies, meer dié van 'n meester van sy vak, en die begrippe staan helderder omlyn as vroeër. Dit is 'n breë oorsig van wat navorsing en kennis tot op die tydstip opgelewer het, en vorm 'n inleidende handboek tot die Afrikaanse volkskunde.

Hoe het Abel Coetzee by die volkskunde uitgekom? Hy vertel hoe vreemd sy studente aan die Engelse universiteit teenoor Afrikaans gestaan het. Insig uit die oogpunt van die volksiel self was nodig. Dit is waar. Maar daar was ook die boerseun op die ouerlike plaas, wat ons in al sy belletristiese werk teëkom, daar ver in Wes-Transvaal, waar snags die waterbul brom en bedags die dwarrelwinde rondstap. Daar was al die verhale van diere en spoke, van geslag op geslag oorvertel waarna hy as kind geluister het. Dit moet so wees. Ek kan dit raai. Daar was die Bybelverhale vir iemand wat nie ander storieboeke gehad het nie. Hy vertel êrens van sy liefde as kind vir die verhale uit die kinderbybel, veral dié uit die Ou Testament, en van die wonderwêreld wat die Grieks-Latynse mitologie voor hom ontvou het, toe hy eenkeer *Kingsley's Heroes* in die hande kry het. 'n wonder, 'n verrukking wat bly voortduur het toe hy later met meer daarvan as deel van die geskiedenisleerplan op die middelbare skool kennis gemaak het; hy was altyd lief vir geskiedenis. Abel Coetzee het die volkskunde in hom omgedra van kleins af en dit onbewus saamgebring na die universiteit. Daar het dit tot volle wasdom gekom.

Van hierdie wasdom vertel Coetzee ons in *Die Afrikaanse Volksgeloof*. Die moeilikheid wat hy as dosent ondervind het om die Afrikaanse Letterkunde begryplik te maak vir Engelssprekende kandidate aan die Universiteit van die Witwatersrand was aanleiding daartoe, soos ek reeds verklap het. „Die Departement Afrikaans aan die Randse Universiteit (het) na die volkskunde laat gryp as hulpvak, en so het 'n liefhebbery vir my uitgegroei tot akademiese vak, en 'n deeglike grondslag het nodig geword." Op die pad na hierdie grondslag, het Schrijnen se *Nederlandsche Volkskunde* as baken gedien.

Dit is natuurlik dat die taalkunde 'n mens op die gebied van die volkskunde sal vergesel. Volkstaal en volkskunde, dit is peper en koljander, kruis en munt. Die beroemde volkskundiges en folkloriste van die vorige eeu was meestal ook beroemde taalkundiges, net soos die taalkundiges gewoonlik ook historici was. In die werk van Coetzee vind 'n mens dieselfde

tweeledigheid. Ek noem hier slegs volledigheidshalwe ook Abel Coetzee, die Taalkundige. Dan is daar die letterkunde. Coetzee is ook outeur en skepper op hierdie gebied. Vir my as volkskundige is sy romans en novelles altyd 'n verfrissing, omdat die volkskunde daarin nooit ontbreek nie. Soms tree dit heel duidelik te voorskyn; op ander tye kom dit telkens onverwags om 'n hoekie gluur.

Dit bly altyd 'n verbluffende verskynsel hoeveel een persoon naas 'n volle dagtaak nog bykomend kan uitrig. Abel is in 1906 gebore. Ek kan my dit nie voorstel dat hy na sestig jaar nou die pen sal gaan neerlê nie. Soos ek in 1958 gesê het, sê ek nou in 1966 weer: die toekoms wink nog; daar lê nog werk voor; miskien behoort hy tot die seer sterkes en bly die arbeidsveld groen.

dr. M. J. POSTHUMUS

ABEL COETZEE AS LINGUIS

Abel Coetzee het hom veral toegelê op 'n terrein, die volkskunde, wat verskeie raakpunte en samevallingsvlakke met die taalkunde het, meer bepaald die studie van die volkstaal. Die tydskrif waarin so baie van sy bydraes verskyn het, heet dan ook nie verniet *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal* nie.

Om uit Coetzee se volkskundige werk die taaloes te wen wat daarin so ryklik aanwesig is, sal nogal 'n taak wees wat 'n mens nie sommerso kan aanpak nie. 'n Mens hoef maar voor die voet 'n paar artikels deur te kyk om te besef hoeveel waardevols daarin steek vir die linguis, by name die leksikoloog en die dialektoloog.

Met hierdie indirekte diens aan die taalwetenskap het Coetzee al 'n groot bydrae gelewer, maar ook by wyse van direkte beoefening was hy bedrywig.

Die direkte diens wat Coetzee aan die taalwetenskap gelewer het, blyk veral uit sy twee boeke: *Taalgeografiese studies* 1 (Johannesburg, 1951) en *Teenstellings in die taal* (Johannesburg, 1958).

In *Taalgeografiese studies* word 'n historiese oorsig gegee van die belangstelling in gewestelike verskille, waarna die bekende *a/e*-wisseling in Afrikaans histories en geografies belig word, gevolg deur 'n drift-studie om die huidige tendense in die rigting van vormvastheid te bepaal, alles toegelig met talle taalkaarte, bv. van *laag/leeg, aartappel/ertappel, halfte/helfte*.

In sy *Teenstellings* tree Coetzee op as taalsosioloog (*Taalgemeenskap en enkeling*), taalgeograaf (*Die geografiese verspreiding van Afrikaans en Engels in Suid-Afrika*), etimoloog (bv. van *skuiwergat, eenspaaier, opper*) en vergelykende dialektoloog (*Taalkundige verwantskap tussen Afrikaans en die oostelike Nederlandse dialekte*). Deur alles heen strooi Coetzee 'n menigte materiaal wat vir die woordeskatkundige van groot waarde is.

Coetzee se objek bly deurgaans die volkstaal in historiese, geografiese en maatskaplik-kulturele lig gesien. Hy het in dié opsig waarskynlik meer versamel en gered as wat hy self besef en grondig kon verwerk. En dit sê ek tot sy eer.

Aan mense wat meen dat Coetzee baie gepopulariseer het, wil ek net vra: Hoe kon hy bra anders in die tydsgewrig waarin hy gewerk het? Buitendien moet 'n mens jou nie altyd laat mislei deur sy populêre aanbieding nie. Sy studieobjek is volks en hy is self volks, vandaar sy volkse benadering tot die weten-

skap. Dat hierdie benadering soms pêrels bedék, is nie Coetzee se skuld nie. In alle geval hoop ek dat hy in die jare wat voorlê, self die pêrels sal uithaal. Hy is nou net mooi oud en jonk genoeg om dit te doen.

N. P. VAN WYK LOUW

Ons groot digter sal vroeg in Junie sestig jaar oud wees. Na al die feesvierings van die Republiekjaar sal ons met sy verjaardag liewer maar nie toesprake hou nie. In stilte kan ons sy skryfwerk maar plaas teenoor dié van sy tydgenote, teenoor die werk van gister en van vandag. En al word jy as leser soms moeg vir die taai dinkwerk, vir die digtheid en diepte, moet jy telkens erken: sy skryfwerk is 'n norm waaraan jy ander skryfwerk kán meet.

In die oorlogsjare het ons studente in sy poësie die inspirasie tot Afrikanerskap gevind. Vandag verklaar studente nog: hy is óns man. Hy dink jonk. Van Wyk Louw behoort nie tot 'n bepaalde digtergeslag nie; hy behoort aan elke geslag! Sy skryfwerk bly 'n ontginning en 'n vernuwing.

By ons vreugde dat hy nog kon bydra tot die feesvierings vanjaar is daar ook die dankbaarheid teenoor God wat ons volk so 'n man geskenk het. By ons gelukwensing is die seënbede: dat hy nog lank jonk tussen ons sal bly.

GELUKWENSING

Met die uittrede van prof. Abel Coetzee is mnr. J. J. Brits van Pretoria tot die nuwe nasionale voorsitter van die Afrikaanse Skrywerskring verkies met mnr. Vincent van der Westhuizen as nasionale sekretaris. *Tydskrif vir Letterkunde* wens hulle van harte geluk met die onderskeiding wat hulle te beurt geval het.

RINA BADENHORST

DAGBOEK

Ek doen drie heilige dinge snags:

1. Ek klim
   met my naggesig
   skoon en blink in die bed.

2. Dan rem die nag my ooglid
   goorgelees en tam
   oor die ou simbole van
   wyn brood kruis 'n lam?

3. Op dié stadium skryf ek
   vandag se datum; dat:
   my skoongewaste
   meisiesgesig
   aand vir aand 'n
   outydse boekevat hou;
   ek op 'n messiasmoment
   wag wat orakelverse sal toor
   as ek skoongewas bly glo

wanneer my ooglid
toe.
bot.
slaapdig: digter
val, sterf die nag sprinkaanmoeg.

PARADOKS

Assie son
'n krisant
innie hemel staan
tel ek grassate
oppie vlakte sonder
bome
tussen
die leegte hier
ennie leegte
daar
warie kraai saans

innie rouboommik
van my hart kom sit

mettie son
'n krisant
innie hemel vannie
volgende dag
kraak
Bloupoudag
sy poublou stert
'n krakende pou
oppie vlakte sonder
bome
tussen die leegte
hier en
daar warie kraai
saans innie rouboommik
dooibessies pik.

En nou?
hoekommie
bloupou oppie vlakte sonder
bome assie
son 'n krisant staan
in my gelyk dae
van grassate tel . . .

DIGTERES

Ek dig innie aand.

Die aande is lank
oppie papier onder die lig;
elke aand is vanaand se kanniegedig:

Ek kyk na die weer
draai die radio harder dan sagter
lesie „Sarie" of Rilke.
Dink met elke laaste tree wat
ek trap
môre-se-wag by die halte
poësie.
Die aand is lank.
Ek drink kakao
skuifie gordyne toe
lees werie „Sarie".

Ek dig innie aand.
Klim in die bad

in die bed
vlug eindelik in my slaapboom
waar elke teepouse en
bushalte opnuut ontaard
in 'n woordgedroom!

BRIEF

Pa ploeg en plant
laasjaar se lant

byte waai
'n slepende westewind

mettie laaste biddag
hettie hael duifeiers gelê

maar wat derie genade
reën die biesiepan nog vol

met ons nog goed ta Soes
lyk net na die operasie nog kroes
Ma.

Digters maak nie gedigte nie; gedigte kan wel 'n digter maak — of breek.

JOAN LÖTTER

GROOTPAD-FANTASIE

Deur die broos pantser van spoed
dring nuwe beelde oombliklank:

vrouens in gelid
graskokonne op die kop
— slavinne van 'n monstermot;

wywater uit 'n kuis fontein,
wit Brahmane langs die Nyl
— tydloosheid geïnkarneer;

by Moria stad van Sion
sit eierkopvrouens om 'n nes
waatlemoeneiers in die son
— moeders van Brancusi-beelde;

en nabeelde verdwyn in 'n fokuspunt
daar waar die dennewoud my
windtaal leer verstaan.

HOOP

Twee duiwe speel
in die voorjaarslug
langs 'n straaljagter
se silwer vlug

'n Seën in paring
uitgespreek:
duif-driehoek
oor die stad

RELIEK 11

Bloukopkoggelmander
in 'n hardekoolboom
onthou 'n stil klam reuseryk,
die hardekool sy eeue
son sy bosveldnag in
dae nagte smeul en gloei

Om koggelmander
te kan wees,
soos hardekool
kan kanniedood

VINCENT v. d. WESTHUIZEN

VLEKKE AAN DIE VEL

Ek het my letterlik yskoud geskrik.

'n Luiperd het my ingewag. In 'n hoek van die stoep het 'n skynbaar vormlose gevlekte massa wit en swart in beweging gekom en sierlik, met 'n laaghangende maag en gesakte onderkaak op my afgeseil, soos 'n huiskat om my bene rondgespin, met sy wang teen my smal broekspype geskuur, sy oë geel en onpersoonlik. Ek kon net doodstil staan, want draai 'n mens jou rug op so 'n ding . . .

„Aha! My vriend, Van Wyk! Welkom, hoor! Welkom! Staan nader!" Soos gewoonlik was Reinier se bolyf kaal; hy het 'n gespikkelde broekie van tiervel aangehad en sy baard en hare was lank, soos gewoonlik.

„Reinier wat op aarde besiel jou om . . . ?"

„Is dit nie 'n fraai kat nie? Hondmak, ou vriend. Hondmak. Eet uit my hand. Boonop hét ek 'n permit om hom aan te hou. Ons glo mos aan integrasie, nê Zorba?" Hy het die luiperd aan die oor gepluk en dié het, blykbaar verveeld en belangeloos, teruggesluip na sy hoek waar hy hom gaan opkrul het, sy voorpote begin lek het.

„Dis gevaarlik, Reinier. Jy speel met vuur."

„Ag, nou ja, is ons nie almal maar besig om met vuur te speel nie? Maar soos jy sien, versier die ma se oorblyfsels my lendene. Soos 'n klein, pap katjie het ek hom met 'n bottel grootgemaak. Hy het my lief."

„Ja, en soos ek kan sien, speel jy nog altyd Tarzan."

Hy het net gegrinnik, met die vingers deur sy baard gekam. „Dit hinder niemand nie, en dit dien miskien as afskrikmiddel vir vroumense. Nie dat hier ooit enige van die goed kom nie, maar mens moet aan die versigtige kant wees."

Die jenewerbottel was byderhand en ons het in die sitkamer te midde van 'n oorweldigende warboel van velle, huide, dierkoppe, skildvelle, assegaaie en knopkieries plaasgeneem. Die lui dier het ons gevolg, tussen ons op sy sy gaan lê, sy baas 'n rukkie lank met sy brons oë bekyk en toe sy kop laat sak en aan die slaap geraak.

„Loop hy altyd los rond? Snaqs ook?" het ek gevra.

„Hy is mede-eienaar van hierdie plaas," het Reinier trots geantwoord, „solank as hy onthou wie baas is. Hy kry net wat sy hart begeer, maar ek het hom mooi geleer. Jy sal later sien."

„En waarmee is jy deesdae besig?"

In sy oë het die fanatisme vlamgevat. „'n Boek. 'n Boek oor menseregte."

„Ag, hemel, Reinier, is daar nie 'n meer oorspronklike onderwerp nie?"

„Dâároor sal 'n mens nooit uitgeskryf of uitgepraat raak nie — nie voordat dit reggestel is nie."

„Daaroor sal ons ook nooit kan saamstem nie. Neem nou maar hierdie luiperd van jou as voorbeeld — hy het sy eie domein: die veld, die kranse. Ek laat my nie vertel dat hy hier gelukkig kan wees nie. Nie volkome nie."

„Hy het hier grootgeword. Hy ken niks anders nie. Ek moes sy ma skiet om my eie lewe te red. Sy het my bekruip. Wel, ék het hom wees gemaak; is dit dan nie nou my plig om sy voog te wees nie?"

„Toe hy klein was, miskien. Maar nou kan hy vir homself sorg, op sy eie gebied."

„Hy sal nie gaan nie, al gooi ek ook die hekke vir hom oop. Hy wil hier bly."

„Nogtans — as roofdier kan hy net in die veld volkome tuis wees. Om van jou afhanklik te wees, is vir hom 'n vernedering, al toon hy dit nie."

Reinier het hard gelag. „Jy praat asof die ding 'n siel het, of gedagtes soos ons."

„Nee, gedagtes soos ons het hy seker nie, maar hoe weet ons of hy nie miskien sy eie gedagtes het nie? Hy het immers instinkte. Wat hy nie kan dink nie, vóél hy."

„O maat, as jy wil, kan ons nou op die daad met hom stap, die hek gaan oopmaak. Ons sal sien of hy koersvat."

„Nee, hy sal saam met jou omdraai. Maar jy het hom getem, so geleer. Iewers skuil die verset egter."

„Bog, man."

Ons het oor ander onderwerpe gesels, maar uit die hoek van my oog het ek steeds die bont monster dopgehou, slapend soos hy was.

Toe ons aansit — 'n Bantoe het ons bedien — het die luiperd ook langs Reinier se stoel kom stelling inneem, stil soos 'n hond. Met die opskep van die vleis het sy neusgate begin roer en daar was kwyl aan sy muil terwyl hy sulke klein steungeluidjies gemaak het. Reinier het gelag en 'n kotelet voor die luiperd gehou. Die dier se pupille het gegroei en hy het, half huiwerig, na die vleis gehap, maar sy baas het dit betyds weggeruk en hom met 'n soort houtknuppeltjie oor die snoet geraps. Sy neus het rimpeltjies bo die wit tande vertoon en diep uit sy massiewe liggaam het daar 'n gebrom gekom. Reinier het weer die vleis voor hom gehou en hierdie keer het hy met die voorpoot daarna gekap, net om 'n hou met die knuppel oor sy naels te ontvang. Hy het geblaas.

„Reinier, jy tart die dier. Onthou, die wrewel kan groei en hy kan 'n wrok opbou. Hulle is slu."

„Nonsens. Al deel hy die plaas met my, moet hy nogtans besef wie baas is. Hy kry genoeg kos sodat hy nie aan tafel hoef te kom sit en bedel nie. Hy moet leer om te wag."

Verdere redenasies oor die luiperd het ek vermy, maar dit was bepaald 'n verligting toe ek, klam van die sweet, kon opstaan.

„Nou kan jy gerus kom kyk hoe hý eet. Dit is die moeite werd, hoor," het Reinier gesê. Ons het om die huis geloop, die dier geluidloos en met kwispelende stert op ons spoor. In die agterplaas het een van die Bantoes 'n koelkas oopgemaak en 'n ontsaglike bondel vleis op die sement gelos en vinnig teruggestaan.

„Dis 'n donkie s'n," het Reinier verduidelik. „O ja, ek moet spesiaal donkies opkoop om in meneer se behoeftes te voorsien! Van honger kan hy nooit kla nie en sy slaapplek is van die gerieflikste, hoewel hy uit sy aard natuurlik verkies om snags op die werf rond te sluip." Die luiperd het in 'n half sittende houding op die vleis toegesak, die ore plat getrek. Daar was 'n gerammel in sy bors toe hy die karkas met sy voorpote vasdruk en met sy tande lang repe daaruit skeur, die kop half skeef. Reinier het 'n hark geneem en die vleis daarmee probeer weghaak. Die ondier het opgevlieg, ore plat en lippe weggetrek en sissend met sy voorpoot na die man afgehaak.

„Reinier! Wat vang jy aan! Die gedierte sal sy opvoeding vergeet! Jy wou nie hê hy moes jou hinder terwyl jy geëet het nie. Gun hom dan die dieselfde."

„Hy moet altyd onthou wie baas is. Solank 'n mens nie bang lyk nie en nie vir hulle weghardloop nie, sal hulle dit nooit waag nie. Zorba, kom hier! Kom lê!"

Met 'n knorgeluid en kwylkakig het die dier na sy baas gekruip, ore plat en buik amper op die grond, en voor hom gaan lê. Die oë was smeulend.

„Wil jy my nou kom wysmaak daar is sprake van gedagtes of opstand?" Reinier het weer gelag. „Hy is in mý mag. Hy is wat ek van hom gemaak het. Ek behandel hom goed, maar daarvoor verwag ek onderdanigheid."

Ons het weggestap van die vretende dier af, maar ek het telkens oor my skouer gekyk.

„Dit bewys net weer wat ek vanmiddag aan jou probeer tuisbring het," het Reinier voortgegaan. „Gelyke regte vir almal, maar dan volgens kwalifikasie. Ek is en bly sy baas. My menslike intellek, my wilskrag en sy afhanklikheid van my maak my sy baas. Hy sal altyd my mindere bly."

Ek was te bang om my voet saans buite die huis te sit.

Waarom ek dus nog 'n week vertoef het om hierdie onheilige drama te aanskou, sal ek seker nooit kan verklaar nie.

Reinier het in een van sy skeppingsluime verval en afgetrokke geraak, stug, en meesal aan die dwaal. Hy het my 'n

geweer in die hand geprop met die woorde: „Vat so. Hier is nog heelwat rooibokke en duikers. Moenie weggaan nie, ons gesels weer. Daar is net 'n paar dingetjies waaroor ek moet broei." Ek het hom goed genoeg geken om nie my kuiertjie daardeur te onderbreek nie. Hy sou aanstoot neem.

Daardie nag was blou van die maanlig, met 'n verraderlike glans aan alle dinge. Ek kon nie slaap nie. 'n Beweging buite op die werf het my aandag getrek en ek het deur die venster gekyk. Toe het my vel hoendervleis geword.

Reinier was besig om oor 'n grasplaat te loop, blykbaar diep ingedagte, met sy kop vooroor en sy hande agter sy rug. In die boomskaduwees sowat tien tree agter hom het die skynbaar vormlose bondel spiere en vlekke beweeg. Ek wou skreeu maar my keelspiere was lam. Die massa het meteens fatsoen gekry en die luiperd het op hom afgeskiet. Daar was 'n kreet, 'n gegrom soos van 'n krater. Eers wou ek deur die venster vuur maar die spartelende twee was so met mekaar verstrengel dat ek dalk die man kon tref. Ek het oor die vensterbank gewip en geskree: „Zorba!" Die roofdier het sy slagoffer gelos, na my kant toe geswenk. Ek het drie skote afgevuur en die gebrul het die nag laat sidder. Toe hy uitgestrek op die gras lê, het ek net om seker te maak, nog twee koeëls deur sy kop gejaag.

Die luiperd en sy slagoffer het feitlik op 'n bondel gelê en die man se keel was oopgeruk. En by die wit en swart van die dier se vel was daar nou 'n oorheersende kleur: rooi.

Sommige kritici en lentekatte kom ooreen daarin dat hulle ontboeseminge op 'n ergversteurde innerlike dui.

PETRA BONTHUYS

VROU

'n sagte Japannese tuin:
jy loop alleen
bepeins die lewe
in 'n blaar
sien volmaaktheid in 'n blom
dra eeue-oue wysheid
in jou kleed se voue mee

ek kniel
my hande kelk:
jy neem klein kommetjies daaruit.

BROEIKASKIND

jou seewierlyfie lê
uitgespoel
tussen
kunsomhulsels

geluidloos
skreeu die wrok
'n wêreld in
misplaaste
volmaaktheid
in dié skewe eeu

te vroeg —
of duisend jaar
te laat?

TAJAMARU

eeue gelede het jy
bruin en gladde
ledemate
teen olyfgroen bome
aangeleun
en lui
gewag

die dag met goud
en helderblou
êrens in my are
het 'n voël
sy lied gesing

my lyf was jonk
my borste
saad en vrug
vir jou

my oë het
op blinkbruin heup
en harde dy
gebly

my hart se lied
het jou bloed
se roep
gekry

VLERMUIS

Halwe maan
bo
skemerkerk.
Boetekleed
van
dun membraan
omvlerk
tenger
nongestalt.

Gebed
in
smal hande
gevou
kramp-klou
aan
toring-aar
na
God se hart.
Maer vingers
laat
Christus
kantel
duisel
V
A
L

Wêreld word
één
donker hoek
waar
vlermuis-vlerke
fladder-soek
na
ankerplek.

HENNIE AUCAMP

BROOD OP DIE WATER

Meneer Bruyns se ete was nie 'n sukses nie.

Dit beteken dat die res van sy aand gedoem is tot tob en pieker, en vroeg gaan inkruip om lank wakker te lê.

Die ete het misluk omdat sy nie geglimlag het nie. Sy het selfs nie opgekyk nie. Dit was moedswillig en wreed van haar, sy kon maar opgekyk het, daar was niemand anders in die kafee nie. Al het sy net opgekyk, sonder glimlag, dit sou al genoeg wees het. Dis tog nie 'n inspanning om vriendelik te wees nie?

Dis wat meneer Bruyns dink terwyl hy vir kleingeld by die toonbank staan en wag. Maar hy verag sy eie verraderlike gedagtes; hy stoot sy onderlip honend uit: het ervaring hom nie geleer dat vriendelikheid juis die skaarsste deug onder die son is nie? En waar daar wel vriendelikheid is, moet 'n mens ook maar versigtig wees: die boosheid ken 'n duisend vorme. Maar die glimlag van dié meisiekind, dis vriendelikheid waarop jy kan reken. Of so het hy gedink.

Toe sy die eerste maal by die kafee kom eet het, plastiekreënjassie aan, 'n nat haarsliert teen haar voorkop vasgeplak, het sy by die tafeltjie regoor syne kom sit. Sy het koulik en verwese gelyk.

Hoe het dit nou weer gebeur: het sy die eerste geglimlag, of was dit hy wat geglimlag het? Oor dié kwessie het meneer Bruyns geen duidelikheid nie. Dit kwel hom, want baie hang van die antwoord af. Gestel dit was hy, dan was sy hoogstens hoflik, soos plattelanders kort na hul aankoms in die stad nog dikwels is. Maar hy dink tog dit was sy. Ja, dit wil al na hom terugkom. Hy het sy sopbord teruggestoot — gortsop, waarvan hy nie hou nie — en verveeld aan 'n sny brood begin krummel — wit brood, en dit na hy al herhaaldelik om bruin brood gevra het. Die eetgerei het eensaam op die geruite tafeldoek gestaan. Dis toe dat hy hom van haar bewus geraak het. Sy het na sy kant geloer en toe . . . wat tóé?

Die kafeebaas kap ongeduldig met 'n muntstuk op die glasbakkie waarin hy kleingeld uitkeer.

„O, ekskuus. Dankie."

Maar meneer Bruyns is tog geaffronteerd: ook beleefdheid raak 'n verlore deug. Met saamgeperste lippe trek hy sy handskoene aan, heel tydsaam, net om die Griek te irriteer; hy sit sy hoed op en lig sy kierie van die rak waar hy dit altoos ophang. Sonder om tot siens te sê, stap hy by die kafee uit.

'n Mens moet die onbeskofte uitlanders op hul plek hou. Buite kan hy dit nie nalaat om 'n slag deur die kafeevenster na die meisie te kyk nie. Sy sit skuins met haar rug na hom, gespanne, ineengedoke. Dit wil vir hom lyk of sy opsetlik met haar rug nou na hom toe sit. Goed dan, as dit haar houding is. Sy kon 'n vriend in hom gehad het. Nou sit sy met probleme wat hy straks vir haar kon opgelos het.

Die Griek leun op sy geldkas of dit 'n vriend is. Hy sien die bleek gesig van meneer Bruyns en frons. „Gawd, what a nasty bloke."

Meneer Bruyns sien die Griek en stap ken in die lug weg. Sy kierie markeer 'n koue woede wat beide die Griek en die meisie insluit. Sy kon 'n vriend in hom gehad het. Sy moes net die bevrydende woord gespreek het. Hy het baie lewenservaring. Hy kon vir haar die pad gelyk gemaak het. Want dis duidelik dat sy hulp nodig het. Meneer Bruyns verslap sy pas. Hy is nou in 'n rustiger buurt, weg van die hoofwegverkeer af. Hier kan die lente nog 'n vasskopkans kry. Hier ruik die aande nog na kaneel en vilette, die oggende na roosmaryn. En met die wakkerword sou jy aan die voëls kon hoor dat die blare aan die bome jonk en groen is.

Meneer Bruyns raak dromerig. Die maan leun verlief teen 'n bergpiek. Die piek het 'n vereboa om die hals.

Sou die meisie dalk in die moeilikheid wees?

Meneer Bruyns steek in sy spore vas, en vir 'n oomblik hou die nag sy asem in.

Dit kan haar bedruktheid verklaar. Dalk het sy hom nie doelbewus geïgnoreer nie. Sy het so krampagtig met haar sorge gesit dat sy van niks om haar bewus was nie. Nog 'n moontlikheid: hy het haar aan haar pa herinner, aan die oordeel wat tuis wag. Maar ag, dan is die kind mos in 'n ellendige toestand; dan het sy 'n goeie vriend nodig. Hy moet terstond omdraai en met haar loop praat!

Nou is meneer Bruyns dubbel spyt dat hy nie vroeër met haar gesels het nie, in die goeie eerste dae toe sy gereeld vir hom geglimlag en geknik het. Miskien is sy verbitterd teenoor alle mans. Miskien is dit hoekom sy nie meer vriendelik is nie.

Sy kierie tik net hier en daar teen die sement. Maar wanneer hy weer in die helder verligte hoofstraat is, raak sy gang onseker. Hy talm by 'n skaal, maar weeg hom tog nie; hy druk sy kuif reg voor 'n spieël op 'n winkelhoek en begin ontydig voel na sy kamersleutel. Nog veilig — in sy boudsak. Sy verligting hieroor is buite alle verhouding.

En hoe en wat moet hy vir haar sê? Sê nou sy is nie meer in die kafee nie? Hy ken nie haar adres nie; hoe sal hy haar in die hande kry? En wie sê vanaand is nie die aand dat sy iets desperaats gaan doen nie? Dié gedagte spoor hom aan.

Hygend kom hy voor die kafee tot stilstand. Deur die kafeevenster kyk hy na binne. Sy is nog daar, maar sy is nie

meer alleen nie. Daar sit nou 'n jong man by haar aan die tafel. Sy moet baie van hom hou, anders sou sy nie so lank vir hom gewag het nie. Die jong man se een hand span krampagtig om 'n glas; met die ander — 'n brandende sigaret tussen die vingers — maak hy sirkelbewegings op die tafelblad. Hy praat al hoe vinniger, slurp aan sy Coca-Cola sonder dat hy dit weet, leun vorentoe, oor die glas, dat sy asem vlak in haar gesig is. Eindelik leun hy terug op sy stoel, sy kniekoppe teen die tafelrand; hy is vermoeid, maar kennelik tevrede. Hy trek diep aan sy sigaret, en vra deur 'n blou rookwolk of die meisie hom verstaan het. Sy bloos en knik halfhartig ja.

Dus is sy verlief. Meneer Bruyns weet nie hoekom dié besef hom so seermaak nie. Hy wou haar help, maar sy het nie hulp nodig nie.

Sy is opgetoë. Eintlik moet hy bly wees: hy wou haar tog gelukkig gesien het. Maar: hý wou 'n aandeel aan haar geluk gehad het. Hy wou sy teorieë oor haar glimlag bevestig gesien het. Nou moet hy glo: sy het hom bloot verdra, dáárom geglimlag, geknik; en later, toe sy agterdogtig begin raak het, die ou bok in hom vermoed het, het sy nie meer geglimlag nie, selfs nie meer opgekyk wanneer hy kom sit het of opgestaan het nie.

Die jong man het die Griek nader gewink. Eers dink meneer Bruyns dat dit om 'n bestelling gaan, maar wanneer hy al drie koppe, dié van die Griek, die meisie en die jong man, na hom sien draai, besef hy dat hulle oor hom praat. Die meisie lyk ontsteld, die jong man is kwaad en wil-wil net uit sy stoel uit opstaan, maar die Griek kalmeer hulle en beduie: laat alles aan my oor.

Meneer Bruyns tree terug, uit die skerp lig uit, maar nes hy wil wegstap, laat die stem van die Griek hom op die plek vassteek. Stadig, met die waardigheid van 'n verbanne vors, draai hy hom na die ronde, olierige Griek:

„Moet nie op my skree nie."

„Jy moet liewers hier wegbly," raas die Griek, „jy jaag my klante weg. Loop, soek 'n ander plek." Hy staan bakarm in die lig wat by sy kafeedeur uitstroom.

„Jy hoef nie te dink ek sal weer my voete in jou nes sit nie. Ek is 'n heer."

Meneer Bruyns stap die nag binne. So ver hy gaan, markeer sy kierie 'n koue woede wat die ganse wêreld insluit.

Die Griek kyk hom agterna. Selfs wanneer hy hom nie meer kan sien nie, hoor hy nog die kierie op die sypaadjie stamp.

KOOS MEIJ

HIMNE AAN DIE STAD

Slank geboue van my stad!
en tussen julle — op blink-swart strate —
roep! toet! sein die robotte!
O! slank geboue van my stad.

Op die buitewyke breek lomp hande
die trekkers wat jy bou
— word ‚slag' oor klip gegiet (!)
beton nagemaak
lelik gemaak
plavleisel vir varke!

O! slank geboue van my stad!
Hier bou jy skoon en bruikbaar dinge,
hier klop die wissel van die brein
elektries heen en weer
en skep patroon, struktuur.

Dáár vér, tussen gras en wind
jóú namaaksel:
lomp huise, verroeste enjins —
ongevormde rorschach-vrat! - - -

O! slank, o slank geboue van my stad!

PRAAT: PRAAT

Nou: Laat ek met toespraak en met handgebare
Heendraf oor eeue se uitgesprokenheid;
Laat ek praat téén menslike kleinlikheid,
Vir menslike heerlikheid.
Maar meer: dat ek: Van Gogh . . . . .
Wringend: daar sit/staan/gaan jy MENS
Skepsel van God: met jou sere rou.

Meer: dat julle: Moses:
Die hand, so aaklig, mag aanskou
En sien: interpreteer!
Maar meer: dat húlle: Luther —
(Die Fariseër, die wit gemuurde
bouers van skulp, van doodskis.) —
Dat húlle: Luther.

Nee nou: Vergeet die toespraak en die handgebare
Die praat, die handgeswaai: laat, staan.
Boetseer dié lewende tafereel van
Menslike (kleinlikheid) klein-méns-heid
Van menslike heerlikheid.

MENNO STENVERT

UITNODIGING VAN DE VLIEG

De vlieg nodigde mij:
kom, loop mee met me
naar boven,
over het gordijn,
neem mijn poot —
ik zal je helpen
als je voeten glijden.

Ik knikte gretig
en zag mijn wereld
groter worden onder mij,
maar werd moe
van het steile lopen:

Leer mij vliegen,
vroeg ik hem.
Hij zag mij aan
met duizend vlakjes
van zijn ogen:
Dat kan ik niet
omdat jij geen vleugels hebt.
Ik bedankte hem,
liet zijn poot
uit mijn handen glijden
en viel naar mijn menselijk bed.

* * *

Debuutbundels wat te gou te veel krediet kry, word dikwels opgevolg deur debietbundels.

JEANNE GOOSEN

NABEELDE

êrens
wil ek alleen wees
en stil wees
om te onhou hoe jou vingers
oor my wonde gevoel het

* * *

soms skop ek nog
akkers rond
in Stellenbosch se strate
so half beneuk
en other wise

* * *

half beneuk
is hy die wêreld ingelaat
waar hy heeldag
tussen treinspore en sandgate dwaal
met 'n eensnaar-kitaar

wat hy aldag tokkel
en dringend tokkel-tokkel
asof daar êrens iets is
êrens hy

STOUTE KABOUTER

Op hierdie dubbelbed
(om te dink)
is jy onverwags
een rissie-rooi oggend
in Maart
gebore
met erdvarkskreeu
en langerige ore

* * *

Resensente staan altyd voor die gevaar dat hulle by herlees van 'n werk tot nog 'n resente uitspraak verlei word.

DROOM

Ek weeg wolkkrabbers op my hand
en koop my villas vir kontant.

Groen kweek bedek die stof, die steen,
rooi ronding van my wang die been.

Trots uit my vrou se oë straal
die blou ster uit die skag gehaal.

Die keel waarom die halssnoer pas,
is wit soos been en broos soos glas.

My vierverdieping-villa was
rots op die rant en stormvas —

maar in 'n ander eeu het ek
drie grafte in die sand ontdek:

Een kis, my lyfwag s'n, was hout,
myne ivoor, my vrou s'n goud.

Maar drie geraamtes uitgespit
was aldrie been — en ewe wit.

HONGER KIND

Vergeefs het ek
gesoek na God
waar lelies langs
kateders bot.

Verlate het
hy snags gehuil:
die honger kind
wat in my skuil.

Ek het hom in
'n krot gevind
en hom gevoed:
die honger kind.

Wit stiltes het
toe oopgeblom
en God het uit
my hart gekom.

VIËTNAM, KERSFEES 1965

Om twaalfuur bars die vuurpyl oop:
klein reënboog van verlore hoop.

Kanonne het nou stil geword.
Soldatestemme sing tot God.

Een man dink aan sy vrou en kind,
een lag waansinnig teen die wind:

„God het die wêreld liefgehad —
wéét Hy die ding het vlam gevat?"

Hoog blink die satelliet verby:
na wie sal hy die herders lei?

N. SWART*

SONNET

Hy staan orent, 'n reus teen hemelsblou,
Die kop omhoog, die horings wydgesprei;
Geen klank, geen wind kan hom vertel van my
Waar ek die swart doodsneller op hom hou.
Die skoot knal hard, sy bene knak en vou,
Dan stort die dier swaar grond toe neer en bly
'n Oomblik snorkend, hyg en skop voor hy
Vir oulaas sug. As ek sy dood aanskou,
Wonder ek wat die toekoms vir my hou
En bid ek dat 'n stadig dood vir my
Nooit in sy stywe wurggreep vas sal gryp
Of gryse ouderdom my krag verflou!
Nee, liewer dan dié woeste dood vir my
As 'n dood wat jare wagtend nader sluip.

* — 'n 14-jarige! (Red.)

C. F. RUDOLPH

TIPOGRAFIESE EKSPERIMENTE (2)
Kan dit slaag?

André P. Brink se roman, *Orgie*, stel ons voor die probleem van die tipografie as medegeselser in die taalkunswerk. Nie net die taal nie maar ook die tipografie moet nou deelneem aan die voltrekking (bestaan) van die boodskap.[1]

Op die gevaar af dat mens hom woorde in die pen kan lê wat hy nie presies so bedoel nie gaan ek tog probeer om 'n artikel waarin Brink sy teorie i.v.m. die tipografie uiteensit hier kortliks op te som sover dit sy hoofargumente betref.[2]

In dié interessante artikel beweer hy dat die vernuwing in die moderne skilderkuns, musiek en literatuur juis geleë is in die „kreatiewe ontginning van die medium." Hy glo dan dat die medium nie meer „deurskynende glas" is nie, maar dat dit „'n (a)ktiewe en waarneem*bare* rol" in die kunswerk speel. Nou hiermee wil ek nie sonder meer foutvind nie.

Voor ek egter saam met Brink oor sý brug loop, wil ek eers weet of die brug ons én die skilderkuns én die musiek én die poësie én die prosa kan dra. Self twyfel hy blykbaar nie daaraan nie, anders sou hy nie *Orgie* aan die genade van so 'n struktuur toevertrou het nie. Etlike digters in *Tydskrif vir Letterkunde* lewer ook bewys van hulle vertroue in die tipografiese „andersheid" van 'n gedig: wit en nogmaals wit as aanvaarde konvensie wat jy nou maar eenmaal nakom as jy gedigte pleeg.

Brink gebruik in sy artikel die term „medium" vir die bepaalde tekensisteem „waarin die (kuns-)werk tot stand kom." In die skilderkuns is „lyn, vlak, kleur, lig-en-skaduwee, ens." eintlik maar net „bydraende elemente" terwyl die verf self 'n „middel-tot-'n-doel" is en die *medium* genoem word. In die drama is die medium nie net die woord of die taal nie, „maar ál die middele wat daar op 'n verhoog aangewend kan word." Die bewuste aanwending van hierdie nie-taalmiddele én van die taal self noem Brink nou „kreatiewe ontginning van die medium." Ons mag nou wel vra: As kleur, lig-en-skaduwee in 'n skildery bydraende elemente is, waarom is die aanwending van nie-taalmiddele op die verhoog (beligting, dekor) nou *medium* en nie meer bydraende elemente nie? Uit sy verdere argumente wil ons net enkele hoofpunte aanstip. Hy beweer:

„In die poësie lê die aksentverskuiwing na die medium (dus: na lééspoësie; waar die tipografie *ewe belangrik* as klank en beeld is — om daarmee die grondverskil t.o.v. die prosa te

bevestig) voor die hand" (k.v.m.). As ons Brink reg verstaan, is daar by die poësie dus 'n bewuste „kreatiewe ontginning van die medium." Mag ons nou vra of lees as aktiwiteit nie in elk geval onlosmaaklik deel van die verskynsel is wat ons as poësie waarneem nie? En dus ook van prosa? Wat wil hy dus met lééspoësie sê?

Die volgende argument moet ons later noukeurig bekyk: „In die moderne — en spesifiek die eksperimentele — roman word die taal egter nes die verf in die skildery, die tipografie in die poësie, die beligting in die toneel, *waarneembaar* aktief, omdat dit deelneem aan die werk." Nie verniet wys die titel van sy artikel met 'n beskuldigende vinger na die literêre kritiek nie, want die slotsom waartoe hy kom, is:

„Solank as wat ‚vreemde' prosa (los sintaksis, elliptiese konstruksie, kursivering, vraag-en-antwoord, simultane konstruksie, ens.) net uit die hoogte bestempel word as, eksperimenteel . . . en nie as ewe wesenlik deel van die roman as wat Picasso se flenters papier deel van sy skildery vorm nie, sal ons prosa hom vergeefs probeer vernuwe." (p.16).

Hier is twee sake waaroor ons so in die verbygaan kommentaar kan lewer: die tweedeling taal en kunswerk, of verf en kunswerk lyk my nie gesond nie. Die literêre teorie het ten minste al besluit dat die gedig 'n stuk geordende taal is. Dit is *taal in aksie*.

Ons moet onthou dat die taal as middel tot kommunikasie maar 'n instrument is om nie-waarneembare inhoude (populêrweg noem ons die inhoude *gedagtes*) vir 'n tweede persoon waarneembaar te maak. Daarvoor beskik die taal oor bepaalde vermoëns wat in sekere opsigte besonder doeltreffend is. Op sy beste kan los sintaksis (waar dit nie in dialoog funksioneel voorkom nie) slegs storing wees, erosie van die boodskap. Ek dink ons sal dit later met dieselfde agterdog bejeën as wat ons vandag die veelgenoemde digterlike vryheid bejeën. Die voorbeelde wat opgenoem word, is gewoonlik voorbeelde van digtrelike swakheid. Die groot digter het dié soort vryhede nie nodig nie. Hy kan die taal as presisie-instrument hanteer sonder om dit geweld aan te doen. Die modernistiese manipulasie van die taal én tipografie is 'n poging om die taal meer te laat sê as wat dit gewoonweg kan. Maar as 'n roer nie om 'n draai kan skiet nie help dit nie om die loop met 'n hoek van 90 grade te buig nie! Let maar op hoe die jong digter lang, dubbelloop-woorde inspan. Vgl. maar Elisabeth Eybers se eerste bundel met haar laaste werk. Hoe beter sy skryf hoe korter word die woorde — wat nie heeltemal waar is nie, maar tog op 'n tendens dui.

Die tweede saak wat ek wil noem, is Picasso se flenters papier wat dan wesenlik deel van die skildery vorm. Maar

natuurlik! Dis nog 'n ruimtelike medium om te help sê wat daar gesê moet word. Maar tipografie is NIE medium nie! Dis 'n verdere kodevorm of notasie van die taal: wat klank moes wees, word nou deur ander, swygsame tekens voorgestel sodat dit ruimtelik waarneembaar kan wees vir die gesigsintuig. Brink se argument kan dus slegs die waarheid wees as kunswerk en tipografie dieselfde ding was.[3] Vir hom is dit waarskynlik; vir my nie. En ons is waarskynlik albei halfpad reg en verkeerd.

In die volgende paragrawe wil ons sonder om met Brink rusie te maak ons probleem gaan beskou vanuit die standpunt van die Kommunikasieleer. Ons beskou die kunswerk dus as 'n kommunikasiegeval. Ruimte ontbreek om die prinsipes van die Kommunikasieleer hier uiteen te sit. Ons kies kortpad en verklaar dat as die kunswerk kommunikasie is, dan is die skrywer of die skilder of die dramaturg die *Sender* van die boodskap en die leser of toeskouer is die *Ontvanger*. Nou spreek dit vanself dat Sender en Ontvanger nie bymekaar kan uitkom as hulle die fisiese ruimte tussen hulle nie kan oorbrug nie — die een is immers *hier* en die ander is *daar*. Ek, as sender van hierdie boodskap (hoeveelheid informasie), en u as leser, is tog nie in dieselfde vel gehuisves nie! My boodskap, (nes enige skrywer s'n) moet in so 'n fisiese gedaante na u kom dat u sintuie (oog, oor, tassintuig) dit minstens kan waarneem. Ons kan boodskappe net d.m.v. ons sintuie ontvang. Die ruimte tussen *hier* en *daar*, tussen sender en ontvanger, moet met 'n fisiese ding: lug of telefoondraad, of bladsy papier, „oorbrug" word sodat die boodskap in 'n fisiese vorm via hierdie verbindings*kanaal* die ontvanger kan bereik. Terwyl u hier lees, bereik my boodskap u in die vorm van 'n reeks ligprikkels (nie letters nie!) wat op u retina val en daar ingewikkelde prosesse aan die gang sit. As ek met u sou praat, sou u 'n reeks versteuringe van die lugmolekules akoesties waarneem terwyl dit die trommelvlies van u oor fisies heen en weer skud.

Ons kan nou terugkeer na Brink se stelling i.v.m. die drama. Hy beweer: „In die drama is die medium nie net die woord of die taal nie, maar ál die middele wat daar op 'n verhoog aangewend word." In sekere opsig is dit waar, maar: hier word natuurlik nie onderskei tussen die drama as 'n boodskap (hoeveelheid informasie) en die *uitvoering* van daardie boodskap nie. Die boodskap is oorspronklik „iets" wat die Sender wil sê, 'n sekere hoeveelheid informasie wat hy wil oordra. Hierdie iets (gedagtes, denkbeelde, bedoelde effekte, ens.) word op pad na die ontvanger 'n reeks fisies waarneembare tekens (aanduidinge van iets anders dus). Aan hierdie fisiese tekens (klankgolwe of swart merkies op papier) gee ons soms die naam TAAL en Brink noem dit die medium. Ook sê ons dikwels dat hierdie waarneembare merkies op papier die gedig *is*, die

drama *is*. Eintlik is die bg. stelling 'n gruwelike denkfout, maar dit behoort nou duidelik te wees dat die waarneembare boodskap op papier en die lees daarvan of die uitvoering daarvan in 'n teater twee verskillende fases van die kommunikasieproses is. Lees en kyk is die ontvanger se bydrae om die boodskap binne sy eie senustelsel te kry. Die opvoering se beligting en dekor wat waargeneem word, is die middele waarmee die boodskap „uitgevoer" word en kan nie as medium gelykgestel word aan die tipografie nie. Die gedrukte bladsy is immers geen uitvoering van die boodskap nie maar 'n kanaal wat die boodskap dra. Ons weet egter reeds Brink wil die tipografie laat „saampraat". Hy wil die kanaal aktief laat deelneem aan die werk. Daarom sê B., is die tipografie ewe belangrik as klank en beeld, en hy praat uitdruklik van lééspoësie. As dit hardoplees is, kan ons vra: nou hoe verklank jy tipografie? En by stillees val die klank weer in stilte. Dit lig alweer die vraag uit: waar *bestaan* die gedig? Wat *is* die gedig?

En nou mag ons ook vra: wat sê die woord *liniaal* in 6 pt.-letters nou soveel anders as *liniaal* in 12 pt.-letters? Is die een se duim korter, of is die ander een s'n langer? Ek hoor die teenargument dat mens na die spesifieke gedig moet gaan en die besondere geval moet ondersoek. Toegegee. In ons vorige artikel het ons aangetoon dat Etienne le Roux bv. dit regkry om met hoofletters in sekere gevalle iets meer te sê. Die voorwaarde is net: die nuwe betekenis van die afwykende en nie-konvensionele vorme moet uit die konteks self verklaar kan word.

Wat Brink taal en soms medium noem, is in sekere opsig maar net die stof wat trek waar 'n boodskap verbygegaan het. Anders gestel: dis die spoortjies wat die boodskap laat op sy tog na 'n ontvanger. *Die waarneembare is die fisiese vorm waarin die boodskap in die kanaal verkeer.* Uit so 'n kanaal ('n bladsy) kan verskeie ontvangers dit ontvang. Maar die leser ontvang nooit die waarneembare letters nie. Dit bly maar prikkels wat elektrochemiese prosesse aan die gang sit, net soos klanke soortgelyke prosesse veroorsaak. Eers binne jou eie senustelsel „sien" jy eintlik die boodskap en neem dit sy bedoelde afmetings aan — meesal onwaarneembaar en onvoorspelbaar. Die tipografiese eksperiment wil natuurlik die spoortjies self ontgin. Nadat die taalvorm (woorde, sinne, ens.) klaar gekies is, moet dit nou verder vervorm word met die doel om dit *bykomende* informasie te laat dra, of meer te laat sê. Dis dus 'n toevoeging tot die boodskap ná dit 'n waarneembare vorm aangeneem het. As sodanig is dit 'n wysiging van die boodskap.

Hierdie manipulasie van die boodskap nadat dit „buite die vel" van die sender is, kan egter baie maklik misverstaan word. Ons weet dat die woorde as tekens (vir sake uit die menslike werklikheid soos ons dit ken), op aanvaarde konvensies berus.

Die woord *tafel* kan verskeie sake aandui: viervoetige huisdier wat van hout gemaak is, boonste vlak van 'n geslypte diamant, hoogte van ondergrondse water, ens. By die tipografie het ons nou o.a. ook te doen met die mens se vermoë om vorme te herken. So herken die meeste van ons die volgende as voorbeelde van die letter G:—

G G G G

Ons eien hulle almal as broers van G omdat ons geleer het dat G al daardie vorms en nog al die ander vorms (soos ons elkeen dit skryf) kan aanneem. Sodra ons egter wil hê dat G(1) iets anders moet sê as G(2) *omdat dit 'n ander vorm het,* kan ek nie maar begin skrywe en verwag dat die leser moet raai watter bedoelinge ek gehad het nie. Die konvensie sê G(1) en G(2) dui variante vorme van G aan en niks meer nie. Om die bestaande konvensie te wysig, moet die konteks nou bykomende informasie verskaf oor die nuwe betekenis van G(2) of 'n deel van die boodskap sal verlore gaan.

Dit onderstreep wat Peirce in sy Pragmatiese Teorie oor Tekens bevind het; Tekens word slegs in verhouding met mekaar gebruik, dus in 'n werkende sisteem van tekens, maar nooit in isolasie nie. Of soos hy dit stel: „Elke teken het 'n ander een nodig om dit te interpreteer."[4]

Waar Brink verwag dat almal aan 'n swart bladsy dieselfde „universele" betekenis moet heg, maak hy natuurlik staat op die mens se vermoë om bv. rooiheid, vierkantigheid, of rondheid waar te neem en as sodanig te herken. Maar agter die *swartheid* as universele *eienskap* van voorwerpe wat lig absorbeer, verberg hy nou blykbaar 'n betekenis wat hy miskien makliker met 'n woord en veel minder ink kon aangedui het. Die leser moet nou afleidinge maak en die nuwe betekenis van swart abstraheer. Daarmee is die werk aan die chaos van die lesers se interpretasies uitgelewer, tensy die konteks natuurlik genoeg bykomende informasie verskaf oor die nuwe gebruik van swartheid as kleur. Swartheid (in Peirce se taal) het 'n ander teken nodig om dit te interpreteer.

In *Orgie* word inderdaad sulke ander tekens as sleutels verskaf. As ons kyk na die opset (ons hou die boek dwars voor ons) lyk die bladsy so:

OPSET

PERSONE

hy sy

TYD

'n hede
'n verlede
'n duur

PLEK

Brink sê soos duidelik soos maar kan kom dat die linkerkant gebruik gaan word vir die hy-sake en die regterkant vir sy-sake. Ook dat die gedeeltes wat in gewone romeinse skrif gedruk is te doen het met die hede. Die verlede is dan kursief terwyl sake wat voortduur (**'n duur**) vet gedruk is. So word aanhalings uit die Bybel in vet gedruk. Ook dinge wat deur die karakters in die werk as ewige, durende waarhede ervaar word. Nou kan die leser wel verskil van die karakters en stry oor die ewigheidswaarde van sommige waarhede, maar dan is ons nie meer met 'n tipografiese probleem besig nie.

Maar dat Brink ook sy tipografiese tekens gebruik sonder om sy leser in te lig oor die nuwe betekenis wat hulle moet dra, lei geen twyfel nie. Op bl. 91 staan ondermekaar

x
x
X

Die laaste, groot swart X staan letterlik tussen hemel en aarde, in isolasie. Sy betekenis is 'n privaat aangeleentheid tussen gebruiker en teken, 'n afspraak waaraan die leser en die konteks hoegenaamd geen deel het nie. Verder: die konteks verklaar dat die swart op bl. 93 die nag moet wees, maar wat sê die wit op bl. 92? Daar is natuurlik groter en kleiner wit. Tydsverloop? As wit die tydsverloop aandui (soos mense beweer) en dis 'n tipografiese teken met betekenis, moet dit in hierdie werk ook saampraat op bl. 94 waar net 'n groot rooi 5 die begin van die volgende afdeling aandui. Moet die „wit" tussen afdelings van die werk hier dus beskou word as inherente deel van die teks? En op bl. 106 is daar hoegenaamd NIKS om aan te dui dat die einde van die werk bereik is nie. Die leser word nou verwag om om te blaai en die wit bo-aan bl. 107 te begin „lees". Eers as hy onder aan die bladsy lees dat die kopiereg voorbehou is, ontdek hy dat hy reeds uit die „wêreld van die woord" as struktuur getree het en nie meer „leser" van die kunswerk is nie. Die tekening teenoor die binne-buiteblad dui egter weer aan dat die tipograaf verwag het dat dié bladsy óók die oog moet vang. Is ons daar nou weer lesers? Literêr gesproke stel „Orgie" ons dus voor heelwat interessante probleme.

Persoonlik het ek *Orgie* as eksperiment geniet — tot die nuutheid afgeslyt het, of totdat die konteks nie meer verklaar

het wat nou met die tipografie gesê word nie: bv. op bl. 30 waar vermoedelik *pyn* skielik aangebied word as

p
y
n

Die vaagheid van die betekenis van die wit in *Orgie* laat jou nou dadelik vra: wat sê die wit weerskante van *p* en *y* en *n*? Wat is dus die betekenisveld van die wit in hierdie boek? En bepaal die konteks watter betekenis geaktiveer word?

Slotsom

Tipografiese eksperimente kan slaag as die wette van kommunikasie in ag geneem word. Een daarvan is dat 'n kanaal nie ooreis moet word nie. Kanale het beperkte kapasiteite om boodskappe te dra. Brink bv. bou bykomende informasie in die kanaal in. Dit lei maklik tot erosie van die boodskap, omdat dit ongewone tekens gebruik en beslis agterna tot die boodskap se klaargekose kodevorm toegevoeg is. As die konteks self egter genoeg informasie verskaf oor die bedoelinge van die nuwe konvensie kan dit slaag. Tog lyk dit in 1966 bietjie naïef om van 'n leser te verwag hy moet van *pyn* minder maak as van PYN of as van *PPYYNN*, net omdat die hoofletters meer ink nodig het. Ek kon dalk dink *pyn* is ondraagliker omdat sterk gif in klein botteltjies kom!

Selfs die mees alledaagse kommunikasie is eintlik 'n dobbelspel waarin die sender van die boodskap maar hoop dat die ontvanger die boodskap betreklik onbeskadig uit die kanaal sal ontvang en waar hy hoop dat die ontvanger naasteby dieselfde betekenisse heg aan die tekens wat hy gebruik. Die feit dat vriende soms kwaad word oor 'n onskuldige opmerking bewys dat kommunikasie maar 'n lukraak-proses is. Om dit nou te vererger deur die kanaal self ook met vae of onkonvensionele boodskappe te laai, lyk my so 'n bietjie na moeilikheid soek. Maar dis glo in die aard van die letterkunde.

---

1) „Boodskap" is hier ongeveer gelyk aan *alles* wat d.m.v. die taal gesê word, ook die affektiewe bedoelings agter die woorde vorm deel van die boodskap as hoeveelheid informasie.
2) Brink, Andrè P. Kortsluiting in die Kritiek, Sestiger, 1 nr. 1, p. 11 vlg.
3) As die musieknote, die notasie van die lied of fuga dus, gewysig word, wysig die lied. Die tipografie as notasie van die gedig is egter nie so saakgebonde as musieknotasie nie. By die taal het jy reeds met allerlei onsekere grade van abstraksie te doen wat deur tipografiese eksperimente verder vertroebel word.
4) Cherry, Colin: On Human Communication (A Review, a Survey and a Criticism), New York, 1957, p. 263 vlg.

MARIÉ BLOMERUS

NAG PROE MY MOND

Nag moenie sterretjies
proe nie
proe
my mond
jasmyn
bitter alwyn
proe my woord
seer hart
Nag moenie my dood
proe nie
drink
dit
met
dorstige teue

KAALVOET OOR DENNENAALDE

Sondagmôre
in plek van kerk
neem my vader
my hand
gaan ons
berg-op
op onder dennebome langs
kaalvoet oor pragtige naalde
soek na 'n waterslang
tot by 'n kolk
Toe hy
olyfgroen kom
bespring ons hom
en
ek mag hom dra
berg-af
af
vrolik lig vry
kaalvoet oor pragtige naalde
aartsvyand met deernis
glad in my greep
sonder renons

MANE VAN GRANATE

Durf nie bly wees
oor mane
van granate
eerste swawels
lente

iemand
se lyf
word verbrysel

iemand
se brein
word gebreek

iemand
lig 'n laken
en skreeu

iemand
se Bloed
loop
oor
die
Sneeu

Letterkunde wat vir iets gebruik kan word, is nie meer letterkunde nie.

U. M. GERRYTS

'N SKROEF LOS IN ONS VERSPRODUKSIE

Ons boog daarop dat die Afrikaner se geestelike groei — van die kinderlike tot volwaardige volwassenheid, treffend in ons poësie weerspieël word. Sulke getuienisse van ons verantwoordelikste literêre wagters soos van A. P. Grové met sy opstel, „Koki se Kyk op die (Afrikaanse) Poësie" in „Fyn Net van die Woord", skraag die geloof in ons literêre toekomsgroei.

Die aanskouing van hoe sommige jongeres tans in die ruveld van die woord en gees wroet en werk, wek by sommige van ons mense ontsteltenis. Ek meen egter dat ons genoeg vertroue kan hê in ons kritiese fynproeërs van die woord om nie te vrees vir die bestendiging van valse of besmettende gewrogte in ons literêre skathuis nie. Inteendeel, die durf tot ernstige en selfs gewaagde verkenning van die onontginde is altyd 'n verblydende teken, selfs al sou van die voorlopige gewrogte twyfelagtig wees.

Hiermee word die feilbaarheid van ons literêre beskouers nie ontken nie, maar ek glo dat hulle vir geen oomblik minder verantwoordelik en waaksaam is t.o.v. waardebepaling as ons ander geestelike leiers op hulle terreine nie.

Ten spyte van hierdie geloofsgetuienis sê ek nogtans: *daar is 'n skroef los in ons versproduksie;* lank al los.

Ons digters van na 1905 het betreklik ongebreideld geskryf, maar in meer as een opsig is in belangrike behoeftes voorsien. Die gang van historiese gebeurtenisse en die menslike belewing daarvan het sy neerslag in ons poësie gekry en tegelykertyd is saam met veel wat minderwaardig is, ook gedigte geskryf wat om hulle kunsgehalte die toets van die tyd sal deurstaan.

Ook in ander opsigte kom daar ontplooiing, veral in die twintiger jare. Kindergedigte, asook jeugpoësie word geskryf en daarmee word in 'n belangrike behoefte voorsien. In die dertiger jare tree daar egter verandering in. Kindergedigte vir ouderdomme van vyf tot ongeveer elf jaar word steeds geskryf; poësie vir die gerypte gees belewe na 'n tydjie van insinking 'n besondere opbloei, danksy die ernstig besielde stuwing van die dertigers; maar al minder jeuggedigte sien die lig. Die produksie daarvan kom mettertyd feitlik tot 'n stilstand en tot vandag toe ondervind jeugpoësie 'n droogtetoestand. *'n Verse-lugleegte het ontstaan waarvoor ons blind was en nog is.*

Die produksie van jeugverse het opgehou. Wanneer laas het

gedigte verskyn soos Die Wagtertjie Stap (C. M. van den Heever), Vir Eugene op sy Sesde Verjaarsdag (Toon van den Heever), Die Ruiter van Skimmelperdpan (A. G. Visser), Kaalvoetklonkie (I. D. du Plessis) e.d.m.?

Dit bring ons tot 'n paar sake wat ons nugter moet bekyk, vrae wat beantwoord moet word:

1. Is jeugpoësie nodig?
2. Wat is jeugpoësie?
3. Hoekom is die skrywe daarvan gestaak?
4. Wat staan ons hieromtrent te doen?

In volgorde gee ons aandag aan elk van hierdie vrae.

1. Is jeugpoësie nodig?

Sommige mense meen dat dit net die begenadigdes is wat kuns, waarvan poësie 'n belangrike onderdeel is, kan waardeer, dat dit net die sogenaamde emosioneles is wat behoefte daaraan het. Na jare se ervaring en waarneming van poësie-onderrig in die laerskool het dit vir my duidelik geword dat daar min kinders is wat dit nie geniet nie, mits die lesse op doeltreffende wyse en met die regte gesindheid gegee word en mits die keuse van die gedigte reg is. In die laer klasse van die hoërskool was my bevinding nie veel anders nie, maar in die hoërskool asook in die hoër klasse van die laerskool (veral in st. 5) het ek gevind dat daar baie klasse is waar die poësie-onderrig nie geniet word nie; terwyl daar ander klaskamers is waarin dit 'n genietlike en vrugbare aktiwiteit is. Dat net 'n minderheid van die ouer kinders ontvanklik vir gedigte is, is daarmee dus nie bewys nie, inteendeel. Waarom die onderrig in baie klaskamers 'n mislukking is, is hoofsaaklik aan die volgende redes toe te skryf:

Die metode van onderrig is verkeerd.

Die keuse van gedigte vir die betrokke standerd is verkeerd, waarvoor bloemlesingopstellers ook te blameer is.

Daar is 'n tekort aan goeie jeuggedigte.

Wat ek hiermee wil beklemtoon, is dat liefde vir poësie aan baie meer jeugdiges eie is as wat ons oor die algemeen geneig is om te dink. In baie gevalle hou seuns en dogters nog daarvan om gedigte te lees en selfs om vir hulleself voor te dra, *ten spyte* van die onderwyser.

Dit is egter nie net 'n saak van liefde vir poësie nie. My kontensie is dat die jeug 'n behoefte daaraan het. Mens wil 'n gebalanseerde geestelike groei by die kind bewerkstellig en om dit te doen, moet besef word dat die emosionele groei net so noodsaaklik is as die verstandelike. Die vraag is selfs of 'n gebrek aan gesonde emosionele voeding nie 'n smoring van 'n deel van die mensegees meebring nie en of 'n dergelike smoring nie tot allerlei uitborrelinge van ruer drifte lei nie.

Voorsien poësie nie in 'n belangrike deel van die emosionele voeding nie?

Die doel van letterkunde-onderrig is die kweking en verfyning van smaak vir poësie. Die primêre elemente van die volwaardige gedig is reeds in die jeuggedig teenwoordig, hoewel nog in die elementêre vorm. Die spel van klanke, die visueel getekende, die verbeeldingspel, die suggestie en beeldspraak — die samespel van hierdie en ander elemente is tog ook reeds in eenvoudiger vorm in die jeuggedig teenwoordig. Sal die student van letterkunde nie veel ontvankliker wees vir die subtieler spel van poëtiese elemente as hy tevore daarmee kennis gemaak het in sy vroeëre ontwikkelingstadium nie? Dis ook nog altyd 'n vraag of dit 'n gesonde toestand is as die hoë, piramidiese punt van die kuns nie tog ook groei kry uit nederiger onderlae nie. Invloede syfer van bo af deur onder toe, maar is daar nie ook groeikragte wat van onder af boontoe werk nie?

Nou kan aangevoer word dat ons tog die jeuggedigte van ons ouer digters het en dat dit genoeg is vir ons jeug. So 'n bewering is natuurlik baie naïef. Net soos dit vir ons gerypte digters 'n noodwendigheid is om vandag se wêreld en geestesfeer sy neerslag in poësie te laat kry, net so lewe vandag se jeug in 'n ander ervaringswêreld as die jeug van vroeër. Dinge van die verlede is besig om vreemd te raak aan vandag se opgroeiende geslag. Die ‚sakke-pakke' van die stoomenjin sal om sy klanknabootsende spel (in die gedig) nog sy effek hê, maar die voorwerplike wat, vir die stadskind veral, feitlik iets onbekends is, sal die verbeelding nie meer so lewend pak nie. Visser se jaende perd „met neusgate wyd en ore op sy nek" sal nog sy bekoring vir die jeug behou, maar sal óns tyd se spuitvliegtuie, ruimtevaartuie en spookselse vlieënde pierings nie ons jeug se verbeelding lewendiger pak indien dit lewende gestalte in die gedig kry nie? Ons vlieg vandag immers met veel verbysterender vaart as wind. Vandag se kind sien nie saans meer skape wat kraal toe streep nie, hy sien motors wat grommend en toeterend huis toe streep na hulle voorstedelike krale. Dis hierdie soort stof wat ook in die jeugpoësie sy neerslag moet kry as voorspel tot gedigte soos „Stad in die mis", of „Ballade van die Grysland" van Opperman.

Dat daar vandag iets radikaals aan die onderbou van ons poësie kortkom, is duidelik. In sy geheel gesien, is ons letterkunde arm aan jeuggedigte en die moderne tydsgewrig het nog nie plek daarin gekry nie. Kan ons literêre opvoeding en groei doeltreffend wees onder hierdie toedrag van sake?

2. *Wat is jeugpoësie?*

Die vraag is nou in watter opsigte jeugpoësie verskil van poësie in sy gerypte volwassenheid.

Om 'n definisie van jeugpoësie te gee, sal 'n dwase poging wees. Die aandag kan net op enkele algemene kentrekke gevestig word, en ook dit word in beskeidenheid gedoen, aangesien dit 'n veld is wat nog skraal verken is.

Die woord „jeug" is 'n betreklik vae en rekbare begrip. Ons kan sê dit sluit alle ouderdomme van twaalf tot sewentien in, aangesien dit min of meer die grense van die puberteitstydperk is. Vir ons doel lê hierdie grense ook nog te ver uit mekaar. Tussen hierdie jare het so 'n kentering en groei plaasgevind dat al die jeugdiges tussen daardie ouderdomme nie naasteby as 'n homogene groep gesien kan word nie. Vir ons doel sal dit prakties die beste wees om kinders van twaalf tot ongeveer vyftien in gedagte te hê as ons van „jeug" praat, d.w.s. klasse van st. 5 tot ongeveer 8. Jeugpoësie sal voorlopig daarom gesien word as poësie vir kinders van daardie ouderdomme en klasse. Dit sal later gesien word waarom gesê word: voorlopig.

St. 5 tot 8? Dit bly maar 'n arbitrêre afbakening. 'n Groot deel van ons kinders in die hoër standerds (9 en 10) het ook nie die vermoë om te gevorderde poësie te waardeer nie. Dis immers ook 'n saak van intellektuele en kennisgroei.

Wat sal nou die belangrikste kenmerke van jeugpoësie wees? Ons moet dadelik besef dat dit nie net 'n saak van maklik of moeilik verstaanbare poësie is nie.

Die jeugdige van hierdie tydperk voel en sien die lewe romanties. Dit is daarom net natuurlik dat hy in sy verbeeldingswêreld die *gebeurtenis-* en *aksievolle* wil belewe. Daarom sal die *verhalende gedig* by hom besonder aanklank vind.

Dit is daarby ook 'n tyd van heldeverering en ook die idealisering van die held, die waaghalsig avontuurlike, die daadkragtige en buitengewoon opofferende daad sal in hierdie verhalende poësie dus 'n ruim tuiste hê. Dink hierby ook aan die *geheimsinnige en die bo- of buitenatuurlike* se aantrekkingskrag vir die jeug. Die spook, die tokkelos, die elwekoning, die strandjutwolf met hulle geheimsinnige magte en elk met sy eie geheimsinnige atmosfeer, asook die bonatuurlike of goddelike wonder, alles is deel van die jeug se fantasiewêreld.

Dan is daar die romantiek van die *liefde*. Watter afgrondelikhede en stralende verhewenhede beleef die jeug nie daardeur nie! Wat die onromantiese volwassene in hierdie verband as idealisering of as sentimenteel beskou, moenie sommer as sentimentaliteit afgeskryf word nie. Is „Troudag" van I.D. du Plessis nie 'n goeie jeuggedig nie — veral vir die dogter van hierdie jare nie?

Die jeug hou van harmoniese *klankespel* en die *glyende ritme*, die singende vers dus eerder as die seggingsvers. Daarom ook dat die vroeëre balladevorm met sy reëlmatig terugkerende refreine vir die jeug bekoorlikheid het. Dink aan „Van 'n Koningsdogter" met sy fa la fa-la-la-la en rat ta ra-ta-ta-ta.

Ek besef goed dat die moderne kunsbesinner met sy hipergevoeligheid vir en afkeer van tooisel en vermooiing die

skouers sal optrek by die lees van die voorgaande. Tog is my pleit dat die deure, t.o.v. jeuggedigte, oop moet wees vir vryer sang.

Natuurlik sal *die lagwekkende* ook ruim in die jeugpoësie teenwoordig wees. Die prettige, die komiese, die goedige spot met gevatte segging is inherent aan die jeug. Samevattend hieromtrent kan 'n mens sê dat mens verwag dat die speelse en lughartige ruim in jeugpoësie aanwesig sal wees.

Wat van die beskrywende en puur stemmingsgedig? As mens by die „moenies" kom, moet jy versigtig wees. Tog moet enkele dinge in die verband genoem word. 'n Gedig soos „Wes-Transvaal" van Elisabeth Eybers met sy verstilde aanskoulikheid sal die algemene st. 7 — 8-kind minder imponeer as die gebeurtenisvolle „Waar Ruwe Rotse" van C. M. van den Heever. Mens mag dink dat die vreugdevolle „Oktobermaand" (Leipoldt) met sy bonte kleurrykheid die jeugdige moet raak; tog hou die st. 5 en 6-kind nie veel daarvan nie. Dis te veel net skildering en stemming sonder gebeure.

Mens wil in hierdie verband nie reëls neerlê nie. Wat vir st. 5 geld, geld in baie gevalle nie vir st. 7 en 8 nie. Tog kan gewaarsku word om nie te vroeg met die puur stemmingsgedig by die jeug te kom nie. Om „Winternag" met 'n st. 5 of 6-klas te behandel is te vroeg. In hierdie verband kan net gesê word dat die besielde onderwyser/es met eie kleurvolle oordrag en voordrag die klas 'n poësieles laat geniet, maar dit kan hy of sy wees wat die klas meevoer en nie die gedig nie. Die gedig moet self ook tot die kind spreek.

Die Bevatlikheid van die gedig.

Mens kan sê dat wie hom in die wêreld van die jeug inleef, vanself aanvoel waarvoor hulle ontvanklik is. Dis egter selde dat die skrywer van jeugpoësie verantwoordelik is vir die keuse en klassifisering van gedigte soos by die saamstel van bloemlesings byvoorbeeld. En by die deurblaai van bloemlesings is dit so opvallend hoe onoordeelkundig die keuring is.

Daar is baie faktore wat die oopheid of geslotenheid van 'n gedig vir die onrype gees bepaal. Mens dink aan die gedagteinhoud of aard van lewenservaring wat in die gedig gestalte gekry het; jy dink aan elemente van poësie soos beeldspraak, simboliek, suggestie en die aanwending daarvan. Jy dink ook aan ander vormfaktore soos wisseling van versvoet, enjambemering, wisseling van verslengte, ens. Om al hierdie faktore afsonderlik te bespreek, kan mens in 'n labirint van onhelderhede laat beland.

Dit is noodsaaklik dat die volgende kernsaak eers duidelik begryp moet word, want dit sal help om ook ander probleme op te klaar.

'n Belangrike kenmerk van die jeug se sien en dink is die

konkrete aard daarvan. Die bedding van die jeuggedig is daarom ook konkreet en *nie abstrak nie*. In die jeugpoësie is dit in die eerste plek 'n wêreld van dinge en gebeurtenisse. Rondom en in die konkrete is die geheimsinnige en fantastiese, maar dit word nie abstraksies nie. Wat deur die woord tot vreemde en wonderverskynsels omgeskep word, is vir hom nog wesenlikhede. Die gedig raak daarom in die eerste plek sy sintuie en gemoed en voer tot sintuiglike en gevoelsreaksies eerder as wat dit die denkende gees raak, lewenswaarhede openbaar of idees oproep.

„Die Strandjutwolf" van Van Wyk Louw is as motief goed vir 'n jeuggedig, maar dit word vir die meerderheid te onwesenlik. In die eerste strofes is dit voorwerplik genoeg, maar 'n reël soos: „ek hoor hom sagter as 'n snik." laat die kind twyfel. Die laaste strofe laat 'n mens wonder. Opperman verklaar die „Gryse" in sy bloemlesing (in 'n voetnoot) as die strandjutwolf wat wil hap. Dit verplat die hele geheimsinnigheid, maar as hy daarby voeg: „dus, die Dood", word alles 'n abstrakte idee en die gedig verdamp vir die jeugdige tot newel.

Parenteties net hierdie opmerking: Die kind ken sterwe of dood as iets wat gebeur, maar hy ken en begryp nie die doodsgedagte as iets wat in die bewussyn gedra word nie. Dis vir hom 'n onbegrepe abstraksie. Daarom dat gedigte soos „Vliegenier" en „Hardloper" van Ernst van Heerden (ook in Juniorverseboek) maar nie die jeugdige kan bevredig nie. Dis die doodsgedagte as abstraksie wat die gedig laat veryl en hoekom moet die lewensviriliteit van die jeug — wat hy ook in sy poësie wil sien gestalte kry — hier ondermyn word deur iets wat hy as abstrakte idee nie begryp nie en as lewenswerklikheid nie op hierdie leeftyd wil erken nie?

Hierbo is gesê dat die verbeeldingswekkende spel van die woord vorme en verskynsels skep wat die jeugdige sintuiglik raak en roer. Dis die mooie, die lelike, die grillige, die bose, die goeie, die sterke, die heldhaftige, ens., wat hy te sien kry. Daarom sal die beskrywende, die kwalifiserende woord en stylmiddel steeds sy plek in die jeugdig hê. Die adjektief en bywoord, die adjektiwiese en bywoordelike frase en sin sal steeds 'n wesenlike funksie in die jeuggedig hê; d.w.s. juis dit wat in die moderne poësie as tooisel gevoel en vermy word. Dit spreek vanself dat dit nie aangeplakte en aangedikte tooisel moet wees wat die aktuele dinge van die gedig wegverf nie.

Dit bring ons by beeldspraak, suggestie, simboliek en ander stylmiddele. Ook hiervan sal die funksie oor die algemeen anders wees.

In „Oestyd" van Watermeyer, met sy singende, klank- en aksievolle vertellende verse, kry jy verse soos die volgende:

sonop sing die sekels soet
met raspende geluid

Die „soet sing" van die sekels is metaforiese beeldspraak (of noem dit personifikasie) wat die funksie van die sekels kwalifiseer, of dié twee reëls is 'n metafoor wat die handeling aandui en tegelykertyd die handeling kwalifiseer — op 'n wyse wat die leser aangenaam aandoen, d.w.s. sintuiglik raak. Belangrik om op te let, is dat die funksie van die beeld ooreenstem met dié van die bywoord en adjektief.

Agtuur kraak die koringgerf
onder my dowwe kop.
maar deur my litte en my brein
bly sekels in die son galop . . . .

Die laaste vers is 'n metafoor wat dui op die toestand van sy brein en liggaam in sluimerslaap. Let op, dit kwalifiseer weer — en wel die voorwerplike in die gedig. Die funksie stem weer ooreen met die beskrywende woord of sin.

Lees dan 'n gedig soos „See in die Nag" van Opperman (opgeneem in „Verseboek vir standerd 7 en 8").

Buite my venster dreig en tier
deur die nag die gekettingde dier
met sy honger na some
sand en rots en wildepiesangbome.

Die voorwerplike is die see. Die beeld wat dit moet kwalifiseer, is die gekettingde dier. Die beeld gee egter sintuiglik geen see te sien nie. Dis in die eerste plek abstraksie wat deur die begrypende verstand alleen sin kry. Deur die dierbeeld kry die see verdere betekenis — word beeld van 'n menslike geestestoestand, of van die mens in sy gebondenheid. Vir die jeug is sulke beeldspraak en simboliek slegs 'n verwarde verstrengeling van dinge wat die geheel vir hom 'n mistigheid laat word.

In „Vuurlopers" van dieselfde skrywer uit dieselfde bundel kry ons dieselfde verskynsel. Die eerste twaalf reëls gee 'n beskrywing van die situasie en voorbereiding vir die rituele seremonie by die Hindoetempel. Die laaste twee verse gee dan sin aan die gediggeheel:

Dan in vervoering trap die kaal voetsole
lig-lig na Brahma oor tapyte kole.

Dadelik verloor die jeugdige sy greep op die gedig. Die stap oor die kole *na Brahma* is 'n abstraksie en word nie deur die jeug begryp nie. Die hele gedig verloor daardeur vir hom sy sin en mis sy uitwerking.

Dan het beeldspraak in verse soos die volgende uit „Die Wagtertjie Stap" van C. M. van den Heever vir die jeugdige veel meer betekenis:

„Die wagter se beentjies die rittel soos riet
en kyk na die ogies wat bliksems bly skiet."

Daardie metafoor wat die tokkelos se ogies beskrywe, laat die kind immers sintuiglik beïndruk word deur die beeldgewing aan die buitenatuurlike wesentjie. Dis vir hom konkreet.

Simboliek

Sonder simboliek sal die jeugpoësie nie wees nie. Die bedding van die gedig bly egter die konkrete. In die eerste plek moet die primêre werklikheidsgegewe van so 'n aard wees dat dit sonder meer sal beïndruk. Dit op sigself moet oortuigend wees, soos die verhale van „Die Verlore Seun" en die „Barmhartige Samaritaan" met die mooi menslike daarin. Die oordragtelike betekenis of morele les sal dan ook soveel doeltreffender inwerk, al word dit aanvanklik nie ten volle begryp nie. „Op my Ou Ramkietjie" kan moontlik reeds die st. 7- of 8-kind imponeer met sy lekker ritme, klankspel en gegewe beeld van die ramkiespeler, al begryp hy aanvanklik nie dat dit 'n camouflage van 'n eensaamheidsgevoel is en dat die figuur simbolies van die digter is nie. Dieselfde kan nog stelliger gesê word van „Die Speelman" van N. P. van Wyk Louw.

Versbou speel in hierdie opsig ook sy rol. Reeds is gesê dat die jeugdige van die glyende en singende vers hou. Dit beteken dat min of meer by 'n vaste verspatroon gehou moet word dwarsdeur die gedig. Baie wisseling van versvoet, verslengte, ruspunte (deur enjambemente veral), sodat dit die lees van die verse moeilik maak, moet tog ook in aanmerking geneem word. In die genoemde „Vuurlopers" van Opperman is daar een sin wat enjambemerend oor ses versreëls heen loop met ruspunte op wisselende plekke in die versreëls. Dit steur en bemoeilik die lees te veel vir die jeugdige. Wisseling, om meganiese eentonigheid te voorkom, moet daar wees, maar teen 'n teveel word gewaarsku.

Afgesien van onderriggebreke is dit egter 'n literêr-opvoedkundige aspek wat feitlik nog nie verken is nie. Bestaande bloemlesings is 'n bewys van hoe subjektief samestellers te werk gegaan het. Ek het drie bloemlesings vir die juniorstanderds in die hoërskool nagegaan, veral ten opsigte van gedigte van Dertigers (I. D. du Plessis ingesluit) en lateres daarin opgeneem. Ek ag ongeveer twee-derdes daarvan, in elke bloemlesing, as ongeskik. Oor heelwat van die origes het ek ook bedenkinge.

Dat objektiewe norme en outoritêre insig dringend nodig is, is duidelik. Dis 'n veld wat studie-aandag nodig het.

Aan die ander kant moet begryp word dat hier geen reëls of bepaalde rigtings neergelê is nie. Die skepper van jeugpoësie moet weet dat geen bane vir hom bepaal is nie. Hy moet hom juis vryer voel in sy skeppende spel.

3. *Hoekom is daar met die skrywe van jeugpoësie gestaak?*

Die antwoord op hierdie vraag bring 'n brok ironie aan die lig.

In die twintiger en vroeë dertiger jare vind daar 'n mate van insinking in ons poësie-skepping plaas. In hierdie tyd was A. G. Visser by die breë laag van die bevolking die mees gewaardeerde digter. As gesê word, breë volkslaag, word die groot meerderheid onderwysers ingesluit.

Toe tree die Dertigers op die voorgrond en met besielde erns stel hulle nuwe en hoër eise aan ons literêre skeppingsarbeid — met die nadruk op poësie. Dit het meegebring dat met die populêre volksmaak en 'n algemene vaal gevoel van selfgenoegsaamheid afgereken moes word. In hierdie proses kom volkskuns en volkskunstenaars noodwendig onder felle skoot en 'n duidelike grenslyn word tussen volkskuns en „hoë" kuns getrek; noodwendig dan ook tussen die volkskunstenaar en die kunstenaarsaristokrasie. Dink aan uitsprake soos die volgende van N. P. van Wyk Louw:

. . . . . *meer as een eis van volkskuns vandag is niks anders as die verheffing van die massa se literêre maatstaf as die enigste geldige* — (Lojale verset, bl. 43).

en

. . . . . *verbeel jou die volk wat 'n literatuur van A. G. Vissers het, of waarin A. G. Visser een van die hoogtepunte is* — (Lojale Verset, bl. 181-182).

Dergelike uitsprake en onderskeidings — wat ongetwyfeld nodig was — het 'n betekenis van minderwaardigheid aan die begrippe „volkskuns" en „volkskunstenaar" gegee en tot vandag toe kleef 'n stigma die woord en begrip nog aan. Op die gebied van poësie het die skrywe van volkskuns sinoniem geword met minderwaardige en naïewe kunsgekeuwel. Watter digter sou en sal genoeë daarmee neem om 'n dusdanige stempel te dra?

Die skepping van volkskuns het gevolglik in 'n hoë mate tot stilstand gekom en daarna ook die skepping van jeugpoësie, omdat die twee in 'n hoë mate dieselfde is.

Die eis tot skepping van volwaardige volwasse kuns was geregverdig. Die onderstreping van volkskuns se minderwaardigheid was m.i. te sterk. Eintlik moes dit onnodig gewees het.

Wat ook opmerklik is, is dat die skepping van kinderpoësie ongehinderd voortgegaan het, en so ook die skrywe van jeugverhale. Dit tref mens dat daar teenswoordig ook van tyd tot tyd kritiese besprekings van verskene jeugverhale plaasvind. *Niemand het egter nog opgestaan om jeugpoësie op grond van 'n eie bestaansreg te verdedig en te bepleit nie.* Dit is dan ook die doel van hierdie artikel, hoewel baie laat.

4. *Wat staan ons verder in hierdie verband te doen?*

Ek het my in hierdie artikel nie soseer op volkspoësie besin nie; waarvoor die deure oopgemaak moet word, is jeugpoësie. In hoeverre dit ook volkspoësie sal wees, is nie ter sake nie.

Soos kinderpoësie en jeugprosa hulle plek het in ons literêre werkswinkel, so moet jeugpoësie ook sy plek kry sonder dat dit die bolaag van poësieskepping sal raak.

Blaaie moet in die eerste plek meer plasingsgeleentheid gee en die pers moet bereid wees tot bundeling. Dit beteken dat daar bekwame keurders van hierdie poësie moet wees. Hulle moet deskundigheid besit t.o.v. jeugpoësie en moet by voorkeur nie ons grootmeesters van kritiek wees nie. In die tweede plek moet hulle literêr geskoold wees om behoorlik te kan onderskei tussen kuns en nie-kuns.

Daar moet vir geen oomblik gedink word dat jeugpoësie uit talle penne sal rol nie. Maar daar sal een of ander tyd die enkeles kom wat hulle in die wêreld van die jeug en jeugvers sal inleef en hulle met heerlike toewyding hieraan sal wy. Ons kry in jeugblaaie nou soms gediggies deur jeugdiges self geskryf. Dit moenie ontmoedig word nie, maar soos met die jeugverhaal (prosa) sal dit tog hier ook maar die volwassene met woordervaring wees wat die mooi jeugkuns sal gee.

WIE weet, miskien sal ons tog maar weer die deur vir volkspoësie moet oopmaak. Wat het byvoorbeeld geword van ons lied en ligte skerts?

Die hoofsaak is: ons het jeuggedigte nodig. Ons kan dit nie langer ontbeer nie. Nie hierna nie, maar nou reeds kan die beskuldiging tot ons kom: „Ek het honger gehad en julle het my niks gegee om te eet nie! Ek het dors gehad, en julle het My niks gegee om te drink nie," met die implikasie: „vir sover julle dit nie gedoen het aan een van hierdie geringstes nie het julle dit aan My ook nie gedoen nie."

Daar móét 'n verdowingsmiddel wees wat thalidomidegedigte lewer!

Elkeen het die reg om oor die letterkunde te oordeel as hy net soveel tyd aan lees en studie wy as wat die skrywer aan studie en skryf bestee het.

VINCENT VAN DER WESTHUIZEN

FERMENTASIE

Ek het jou liggaam met asyn bestryk
en in die pupil van die druif gekyk,
nuuskierig in die stingel afgestaar
tot waar sy wortels deur die sooie aar
en slobber aan die vog van pluksels mis
wat in die derms van die aarde gis.
My tong het oor die vranke veld gegraas
en elke leksel weer van jou geaas.
Ek het die liefde met asyn bestryk
en toe het alle sterflikheid gewyk.

GESNEUWELDES

Sneuwel —
sagte woord, passief.
Ek sien soldate met angels
op pad na hul grafte
sneuwel.
Die klein eierdop —
skedel —
vol wêrelde,
hemele,
helle,
dooiers
besmet met geboortes
en sterftes —
hoe kan die smal kalkwand
alles huisves?
O, om te sneuwel,
of anders self die skag te sink
sodat alles wat die tong bewaak
daardeur na buite peul!

* * *

„Volwassenheid" in die letterkunde is literêr net so onvolwasse soos die volwassenheid self.

Die poësie IS wyn: jy weet nie meer of jy die etiket op die omslag kan glo nie.

SAREL SMIT

SOEKER

Kom hier my haat.
Jy is galbitter:
niks gebeur
wat eindelik goed
of sleg is nie;
die aangenaam
het ook 'n maat —
sy is soos ek,
soos hierdie straat
se witgesigte:
soeker na die dood.

WINTERAAND

My kleintongetjie hang,
kokkewiet het my tone
gesny, winddroog hang
ek aan die doringdraad.

STILTE

Dat stilte mooi is!
Mooi
omdat 'n mens kan dink
nader
aan jou God is
en jou hart kan oopgaan
soos 'n blom
en daar ook heimlik
kan hoop
dat Hy jou dalk
sal vroeër pluk.

* * *

Op die gras op my kop
wit neon ligte blom
ons eie hemel hier
grys miershope van beton

Van ver winde weet jy niks,
van dolosgooi en kinders slag;
jy is my vyf geslagte voor:
my haat is jou geloftedag.

* * *

AL'BERT KLOPPERS

RAAIS(P)EL

Op teertapyte
tol die dood
sy kuddes op sy vingers af:
een swartskaap
en 'n bok . . .
Bok
bok
staan styf
hoeveel vingers op jou lyf?

REBEKKA

Dit was haar wens
om tussen dy en dy
'n nasie te voel groei.
Maar toe sy oor die dae broei
en daglank die gewig moes dra
het sy oor die begeerte spyt.
Sy het gaan vra en toe geweet:
want in haar skoot
het daar twéé volkere gestry.

* * *

Dat sommige mense na al die opstelskrywery nog skrywers word, bewys hoe onuitroeibaar ons ou volkie is.

P. DE W. VENTER

ONDERSOEK NA DIE TYD, VERLORE

Jare pak saam,
'n verterende roes
op my gewete
harde aanpaksel om my brein,
afsonderlike dae bekyk my skeel
met die ogies van vuil slange
verwoes my vleis
verander in giftige dorings,
die verlede sluimer in my are
soos 'n ensiem wat bloed oplos.

Julle jaargetalle wat 'n obsene dans
bespottend voor my uitvoer
waar ek julle ook al vind
op boeke en gebreklik in my eie handskrif
ek berou dit nou
dat ek julle eers verag het
en gedagteloos vermoor het
met my voete
soos vieslike insekte,
hou tog op om soos 'n wind te wees,
jaar, wil jy nie gekeer word
vir 'n baie kort rukkie nie
bied my tog die kans
om 'n bietjie uit te rus,
'n tydjie wat nie verloop nie.

Karaktersketse het net een doel: om onderwysers onledig te hou.

D. M. GREEFF

SPROKIES VIR 'N OÚ MAN

DIE REISIGERS

Ons bly in 'n kamer. Mismoedig. Gewoonlik is ons op reis, op soek, een of albei. Maar as ons tuis is, bly ons in 'n kamer. Mismoedig.

Toe, op 'n dag, storm Jan in met die nuus: „Ek het hulle gevind, eindelik het ek hulle gevind. Die mense straal lig uit! 'n Hele dorp! Ver in die berge, maar 'n hele dorp en hulle straal lig uit!"

Die volgende môre vroeg is ons op pad. Oor 'n paar dae bereik ons die dorp. Ons stel ondersoek in en die resultaat is teleurstellend. Te veel fosfor in die kos wat die mense eet.

Ons bly in 'n kamer. Mismoedig.

NA DIE NOORDE

Dit het lank gelede gebeur in 'n ver land. Dis beter om nie te onthou nie. As die winter kom, vlieg die windswael na die noorde.

'n Ou mens voel soms hartseer, die ou verlange kom terug. Lank gelede was dit. In 'n ver land. Miskien kan 'n mens nie altyd onderskei tussen goed en kwaad nie. In elk geval, maak selfs dit saak? As die winter kom, hang die vlermuis hom self op in 'n donker grot om te slaap.

In 'n ver land was dit. Lank gelede. 'n Mens word so gou oud en afgeleef. En die honger wat jy eenmaal gehad het, verflou. Net die gewete bly 'n gewas (ongeneeslik, sê die dokter) wat knaag aan die brein. Want dit het lank gelede gebeur in 'n ver land.

Nou is dit winter. Die swaels is na die noorde. Die vlermuis slaap in 'n donker grot. En 'n ou man het 'n gewas.

KLEIN SPOORTJIES

Laat in die nag in 'n kroeg. Soms sê iemand by die toonbank waar mense in mekaar se oë kyk: „Daar is klein spoortjies in jou oë."

„Is jy seker?" vra ek gretig.

„Ja, man. Hoe sal jy nou so 'n ou vriend se woord betwyfel?" Hy lig sy glas.

„Die spoortjies — kan jy sien?"

„As ek dit nie mis het nie is dit 'n vrou se spore."

„Jy is reg, vriend, jy is reg. Die volgende rondte is op my. Jy weet: ingestap — onverwags. So is sy ook weer weg — vir altyd. Maar die spoortjies — onuitwisbaar."

RETORIEK

Eenmaal het ons mekaar liefgehad met 'n groot hartstog.

Eenmaal was die son in jou hare en jou oë diep donker poele waar die water stil raak.

Eenmaal was jou liggaam die warm groen heuwels van my land ná die ryk somerreëns.

Maar ek is oud.

„Lankal kinds," sê die mense, „en hy verbeel hom so maklik dinge."

Finale slotsom: die ernstige Afrikaanse skrywer het GEEN REG om beswaar te maak teen die Afrikaanse dagblaaie se ALLEENREG op die skrywe oor seks- en ontugpartytjies nie. — Q.E.D.

Daar is literêre rebelle wat die vry advertensie hoër ag as die rebellie.

Gedruk deur Hayne en Gibson, Doornfontein, Johannesburg